

I. DI KAAP IN DI OU HOLLANDSE TYD, 1652—1806.

EERSTE HOOFSTUK.

OUSTE GESKIDENIS.

Oue gerugte.—Di Portugése.—Ander Nasis.—Van Riebeeck.—Plan om 'n Anleg te maak.

Di Hollanders was ni di eerste wat hiir an di Kaap gekom het ni. Daar is 'n oue berig, dat di **Feniciers** (di inwoners van di oue Tyrus en Sidon, soos di Volksleesboek sê) al omtrent 600 jare vóór di geboorte van onse H ere Jezus hiir om di Kaap geseil het, mar di berig is al so oud, dat 'n mens nou ni eens meer seker weet, of hulle hiir an was ni. En wi weet of Salomo ni altemit al in syn tyd hiir omgeseil het ni en of di oue Ofir waar hy zyn goud gaan haal het, ni altemit daar digteby di Transvaalse goudvelde of in Mashonaland iwers gewees het ni? Hulle kry mos nou al, ou murasiis en mynwerke daar oral, en wi weet wat hulle nog meer daar sal kry?

BARTHOLOMEUS DIAZ.

Di eerste wat ons seker weet wat hiir gekom het was di **Portugése**. In di jaar 1486 het di eerste Portugees, met 3 sképe, hiir om di Kaap geseil. Syn naam was **Bartholomeus Daiz**. Mar hy het so vër van di land af omgegaan, dat hy met terugkom eers di Kaap gesiën het. Hy won toen hiir ankom. Mar di Suidooste-wind was net so sterk, dat hy dit ni gewa'e het ni. Hy gé toen somar di plek di naam van *Cabo del Totos Tormentos* in hulle taal. In ons taal beteken dit *Kaap van al di Storme*. En dit was ni so 'n heeltemal verkeerde naam ni; want di Suidooste-wind kan mar ongenadig waai an di Kaap. Toen hy weer in syn land gekom het, toen vertel hy dit; mar di koning van Portugal verander di naam in *Cabo de Bona Esperanza*, wat in ons taal is *Kaap di Goeje Hoop*; want syn plan was om hiirom te gaan na Indië toe.

VASCO DA GAMMA.

Di twéde Portugees wat toen hiirnatoe gekom het was **Vasco da Gama**, in di jaar 1497, met 3 skepe, en 160 man. Di Portugése stuur toen verder hulle skepe hiir om di Kaap om met di Indiane te gaan handel. Toen di ander nasis van Europa siin dat dit goed gaan, toen begin hulle oek agterna te kom.

FRANCISKA D'ALMEIDA.

In 1510 het **Francisko D'Almeida** hiir angekom, met 'n Portugése loot. Daar was 'n Hottentotskraal naby di Baai, en di Portugése gaan daarvtoe om hulle 'n besoek te breng. Daar ontstaan toen rusi tussen di Portugees en Hottentots, omdat di Hottentots van hulle goed gesteel het. Di vol-

lende dag besluit di Europeane om di Hottentots te gaan bestraf, mar daar di Hottentots gen teenstand biid ni, keer di Portugése weer na hulle skepe terug. Toen word hulle angeval deur di Hottentots en kon ni anders ni as vlug. Ses-tig manne met D' Almeida word gedood. Dit was di eerste oorlog met di Hottentots.

Di eerste Engelsman, wat hiir angekom het, was **James Lancaster**, in di jaar 1591. Kort daarna kom toen di eerste Hollander, **Cornelis Houtman** met 4 skepe, hiir an in 1595; en in 1601 kom weer 'n ander Hollander, Joris van Spilbergen, en hy noem toen di berg by di Kaap *Tafelberg*, omdat hy so plat is, en di baai weer na di berg, Tafelbaai. Eers was di baai syn naam Saldanhabaai, na di eerste Portegees wat anker gegoi het in di baai.

So het hiir gedurig skepe angekom van di Europése nasiis. Mar tot nog toe het gen een plan gemaak om hiir 'n koloni an te lê ni. Hulle skepe het mar hiir aangekom, als hulle na Indië toe gaan, om vars water in te neem en skape en sulke goed te handel van di Hottentots wat hiir gewoon het. Party-keer als daar siik mense op di skepe is, dan breng hulle di op di land en dan bly hulle hiir o'er tot hulle gesond is.

Di Hollanders het di eerste plan gemaak om hiir tuine an te lê, dat hulle kan groente kry als hulle hiir an kon. Want di wilde nasiis het mos ni gewet van tuin maak ni. In di jaar 1606 het Cornelis Matelief de Jonge di eerste begin om groente te plant en di nasiis te leer om dit oek te doen. Toen het di Hollanders altyd di groente van hulle gekoop en geruil. Di Hollanders kon di beste klaar kom met di wilde nasiis; want hulle was altyd goeie vrinde met makkaar.

Diselfde Matelief de Jonge het 3 ramme en 17 ooie op Robben Eiland lat bly om an te teel. Di vollende jaar, 1609, kom 'n Engelsman, Kaptein Keely, daar an en vang party van di skape, di vetste wat hy in syn lewe gesiin het, en lat toen van syn ma'ere in di plek staan.

DI KAAP WORD 'N ANLEG.

In 1648 vergaan di Hollanse skip "Haarlem" in Tafelbaai. Di goed en bemanning word veilig op land gebreng. Hulle moes toen op land wag tot dat daar 'n andere skip kom om hulle op te neem en na Holland toe te breng. Vyf maande was hulle hiir an di Kaap. In di tyd het hulle di grond bewerk en alle soorte van groente geplant, wat mooi beantwoord het. Toen hulle weer in Holland terug kom, stel twé van hulle, Leendert Janssens en N. Proot 'n dokument op, wat hulle an di Kamer van Amsterdam voorlé, en waarin hulle di vrugbaarheid van di grond hiir bepleit, en an di hand gé, dat dit goed sal wees om di Kaap te verander in 'n verversingstasi ver di Hollanse skepe. Dit word toen besluit in 1650 om di plan uit te voer, en toen N. Proot weiger om as hoof van di stasi na di Kaap toe te kom, word di taak opgedra an **Jan van Riebeeck**.

JAN VAN RIEBEEK (1652—1662).

Di Hollanders het in di tyd di grootste handel gedrywe, veral met di Indiane. In 1651 stuur di "Oos Indise Maatskappy" 3 skepe, met omtrent 100 man, onder di bestiiir van **Jan Antone van Riebeeck**, om hiir 'n kasteel te kom bou, en verder te sorre ver al wat di skepe nodig het. Hij was eers dokter van di maatskappy en 'n godsdiinstige man. By alles wat hy begin het, het hy eers onse Liwe Hére syn se'en gevra.

In di maand Desember, 1651, het hy vertrek van Holland af en in April 1652 is hy hiir angekóm. Hy het oek op di skepe gehad allerhande gereedschap ver boerdery en vissery ; allerhande soorte van saad en plantjiis ; gewere en al sulke goed. Onder di mense was 2 dokters, 1 krankbesoeker, timmermans, tuiniirs, en al di soorte van ambagsmanne.

Hiir begin nou eintlik di geskiedenis van di Hollanders an di Kaap. Regte mooi is dit ver ons om te siin hoe hulle, as gelowige mense, ver ons 'n voorbeeld gegé het, om alles te begin met onse Liwe Here, soos hulle gedaan het toen hulle hiir gekóm het. Op di eerste bladsy van hulle Argiif (boek ver antekeninge) staan di gebed :—

“O, barmhartige, goedertieren God en Hemelsche Vader, naardien het uwe Goddelyke Majesteit gelieft heeft, ons te beroepen over het Bestier der zaken van de Generale Vereenigde Nederlandsche Oost-Indische Geoctroyeerde Compagnie alhier aan de Cabo de Bona Esperanza, en wy ten dien einde met onze byhebbende Raad in uwen heiligen naam vergaderd zyn, omme met advys van dezelve, zoodanige besluiten te maken, waarmede den meesten dienst, van de opgemelde Compagnie gevorderd, de justitie gehandhaafd, onder deze wilde brutale menschen (mogelyk zynde) uwe ware Gereformeerde Christelyke Leere, met der tyd, mogte voortgeplant en verspreid worden, tot uwen Heiligen naams lof en eere, en welstand onzer Heeren Principalen, waartoe wy zonder zyne genadige hulp, het allerminste vermogen, zoo bidden wij U, derhalve, Allergenadigste Vader ! dat Gy ons met uwe Vaderlyke wysheid wilt bywoonen en in deze vergadering presideerende, onze harten zulks verlichten, dat alle verkeerde passien, misverstanden en andere diergelyke gebreken van ons mogten geweerd blyven, ten einde onze harten van alle menschelyke effecten reyn, en onze gemoederen, zoo gesteld zynde, wy in onze raadslagen niet anders voornemen nog te besluiten, als hetgeene mag strekken tot grootmaking en lof van uwen Allerheiligsten naam en den meesten dienst van onze Heeren en Meesters, zonder in eenigermate op eigenbaat of particulier profyt acht te neemen. Hetwelke en wesmeer, ons tot uitvoering onzer bevolene dienstes en zaligheid nodig zy, wy bidden en begeeren, in den naam uwes wellievens Zoons, onzen Heyland en Zaligmaker Jezú Christi, die ons heeft leeren bidden : Onze Vader, enz.”

TWEDE HOOFSTUK.

DI ANLEG VAN DI MAATSKAPPY.

Ankoms van Van Riebeeck.—Proklamasi.—Kasteel.—Tuine.—Dagboek.—Teenspoed en Voorspoed.—Herry.

Di regeering van **Van Riebeeck** an di Kaap begin eintlik op di **9de April 1652**. Want op di dag het hy 'n proklamasi uitgeskrywe, waarin hy besit neem van di land ver di maatskappy en 'n party wette vasstel. Een van di wette was, om met di nasiis in vrede te lewe. Hy het daarin di Hollanders angesê om ver twee dinge op te pas. An di een kant moet hulle oplet dat di nasiis ni hulle goed steel ni. As dit gebeur, dan sal hy ver *hulle* straf, ni ver di volk wat steel ni. An di ander kant moet hulle di nasiis ni sleg behandel ni. Hy sê daarvan:—

“Ende zoo wie derhalve ymand van de Inwoonders qualyck bejagent, slaet off stoot, 'tzy hy gelyck off ongelyck heeft, zal in 't aenzien van dezelve met 50 slagen gelaerst worden, opdat zy luyden daeraen mogen bespeuren sulx tegen onzen wil, en dat wij genegen zijn, omme met haer in alle minne ende vriendelyckheyte te corresponderen, volgenst den last en de oogmercq van onze heeren principalen,”

Om nog verder alle onenigheid voor te kom, het hy syn volk belet om met di nasiis te handel, buiten syn orders.

Op di deselde dag, toen hy di proklamasi uitgeskrywe het, het hulle somar met di werk oek begin, Hulle was regte ywerig. Di eerste het hulle 'n hout-huis gemaak om vereers in te woon en di gereedskap in te berre. Toen begin hulle di kasteel te bou an di Soutriviir. So het hulle toen di riviir genoem wat di Kaapse mense nou gebruik ver drinkwater. Di kasteel het hulle gemaak omtrent op di plek waar di kasteel nou staan, groot genoeg om 70 of 80 man in te laat woon. Toen dit klaar was het hulle begin tuine an te lê en vé an te teel. En daar was regte mooi kans oek; want di grond was vrugbaar ver tuine en di veld was goed ver vé.

Mar di koloni het daarom ni gou vooruit gekom ni. Di eerste tyd het dit mar amper gebly soos dit was. En naderhand het party (soos Regter Watermeyer in syn voorlesings) di skuld op di Hollanders gepak, dat hulle dit ni goed bestiir het ni. Mar hulle het vergeet, dat di Hollanders ni hiir gekom het om 'n koloni te kom stig ni. Hulle plan was mar, soos ons al gesê het om hiir 'n anleg te maak, dat di skepe hiir kan krij wat hulle nodig het. Dis dan oek ni di Hollanse *regering* wat ver Van Riebeeck hiernatoe gestuur het ni; mar di Oost-Indise Compagnié. En dat dit mar di plan van di maatskappy was, dit kan 'n mens gemakkelik siin uit di orders wat hulle ver Van Riebeeck gegê het.

Van Riebeeck het van di dag af toen hy hiir gekom het 'n Dagboek gehou van alles wat gebeur. Ons sal dikwils uit di dagboek anhaal, want 'n mens kan gaan op wat hy geskrywe het. Op 13 April, 1652, het hulle, soos in di dagboek staan, 'n koei en 'n kalf gekoop van di Hottentots ver 4 plat stukke koper en 3 stukke koperdraed, albei 3 voet lank. Op di vollende Sondag het hulle godsdiins gehou en verder al Sonda'e.

Klompiis mense het gedurig uitgegaan om di land verder te gaan beskon, en twé man, Van der Helson en Verburg, het 18 myle van di Kaap af gegaan, om di Tafelberg, en kom toen vertel dat daar grote bosse en baing wild is.

In di maand Mei kom daar weer twé skepe van Holland af, met 50 emigrante en di predikant Boukerius. Hy het toen somar in di kasteel gepreek en nagmaal uitgedeel di eerste Sondag na hy angekom het. Dri da'e daarna het hulle di kasteel di naam gegee van: "De Goede Hoop."

Teen di einde van Mei kry party van di Hollanders di bloedpersi, en voor di maand uit was, was daar al 5 dood. In Juni word dit nog erger. Toen kom di koorssiekte oek daarby. Voor di vyfde van di maand het alweer 3 gesterwe, en 'n menigte was nog siik. Van di 116 man lê 54 toen siik, waaronder Van Riebeek, syn vrou, di 2 dokters albei, en di krankbesoeker oek. Daarby kom nog kou'e re'en en ha'el en sware-weer, en hulle het toen nog ni behoorlike huise gehad ni, so dat hulle kos oek bederwe het en van di nasiis kon hulle niks kry ni. In di tyd het Van Riebeek in syn dagboek geskrywe: "As onse liwe Hére nou ni di pla'e lat ophou ni, dan sal ons dit mar swaar kry. Mar ek hoop nog, dat onse liwe Here ver ons sal genadig wees." En syn hoop is oek ni beskaam geworde ni; want di Here het naderhand uitkoms gegé.

Op di sesde Juni is di eerste wit kind an di Kaap gebore, van di krankbesoeker syn vrou.

Di tuingoed van di Hollanders begin toen al mooi te groei, en Van Riebeek syn huis was al klaar. In Juli begin di eerste graan wat hulle hiir gesaai het op te kom. Hulle was toen regte bly en begin somar groter tuine te maak. Op di derde Augus was di kasteel so vër klaar, dat hulle almal daarin gaan woon het.

HARRY.

Om met di Hotentots te kan handel, het Van Riebeek een van hulle ver tolk gehad. Syn naam was **Harry**. Hy was 'n skelm, soos ons anstons sal siin. Van Riebeek het dit gou gemerk; mar hy het ver hom mar gehou of hy van niks weet ni. Harry het di Hollanders baing vertel van di 'nasiis, wat hiir gewoon het. Hy noem 3 stamme: Watermans, Saldanhas, en Kaapmans.

Na reen kom sonskyn, sé di spreekwoord. En so was dit oek met di Hollanders an di kaap. In September en Oktober was daar weer 100 man in di werk—vlees volop—en alles voorspoedig.

Maar di wil draai weer gou om. In November kom di Suidoostewind so geweldig op en waai di dakke van hulle huise en hulle tuine en alles an stukkend. En 24 man lê toen al weer siik in di hospitaal. Di enigste net wat hulle nog gehad het om mé vis te vang begin oek al te breek. En di Saldanhas, wat altyd ver hulle vé gebreng het, kom toen ni uit ni. In di tyd skrywe Van Riebeek in syn dagboek: "As onse liwe Here nou ni gou uitkoms gé ni, dat di Saldanhas ver ons vé breng, of dat daar weer skepe van Holland af kom ni, dan kan ons ni vortgaan met ons werk ni."

Kort daarna kom di Saldanhas oek regtig weer met vé an. Di Hollanders ontvang hulle weer regte vrindelik en handel hulle vé. En hulle gé toen ver Van Riebeek 12 eende en 42 ander mooi vo'els persent.

Van Riebeek het daarom ni 'n alte plisirige lewe gehad an di Kaap ni. An al di kante het hy moeilikheid gehad. An di een kant moes hy oppas ver di wilde nasiis, an di ander kant ver syn ei'e mense. Hy het baing werk en moeite en sorg gehad, en min voordeel daarvan getrek.

En tog onder al di teenspoed, toen di jaar om was, het hulle al 'n heel party gevorder. In Van Riebeeck syn dagboek lees ons: "Onse liwe Here sy gedank! ons is tog so vër al, dat ons di sike kan versorre met melk en botter en eiers, en ons pluimvè broei al." Di kool begin al te krop en di wortels word al eetbaar. Skaapvlees het hulle nou al dag en botter volop. Di skepe kan nou kry wat hulle nodig het. Di doel van di maatskappy het hulle nou al verkry. En di Hollanders was op so 'n goeje voet met di nasiis, dat daar kans was om voordelig handel te drywe met hulle; 500 Saldanhas, met groot troppe vé, was altyd digteby. Van Riebeeck dag toen dat dit 'n goeje ding sal wees om ekspres 'n maatskappy op te rig om olifantstande en vo'elstruisvere en velle en sulke goed van di nasiis te handel.

Mar di nasiis begin nou al te merk dat di Hollanders ni sonder hulle kan klaar kom ni en stel toen ver hulle parmantig an. Hulle het di Hollanders dikwils gemit. Mar di Hollanders wou ni ver hulle doodskit ni, en het mar altyd ver hulle bang gemaak met di geweer. Dan vlug hulle en laat somar al di vé staan. Mar di Hollanders wou nooit hulle vé hou ni en gé dit dan weer ver hulle terug. Dit was orders wat Van Riebeeck van di maatskappy gekry het. En di nasi het mar net baing vé gehad oek. Een kaptein alleen het 5,000 beeste en 2,000 skape gehad. Di handel met di nasiis het dan oek altyd groter geworde.

Na di goddsdiens, op di 9de October 1653, merk di Hollanders, dat di tolk, Harry, en 'n party ander Hottentots gevlug het met hulle vé. Een van di wagers het hulle vermoor an di voet van Leeuwkop. Van Riebeeck stuur 'n kommando agterna. Mar dit was verniit. Hulle was weg. Dit het di Hollanders 'n bitji slimmer gemaak. Van Riebeeck gé orders om verder goed op te pas. Mar di diwe wat al gesteel het moes hulle ni vervolg of straf ni. Hy wou mar altyd perbeer om goeje vrinde met hulle te bly. En so het hy hulle altyd weer gewen.

Daar is verder baing dinge gebeur in Van Riebeeck syn tyd, wat di moei-te wêrd is om te vertel. Mar dan word ons geskiedenis te lank. Daarom moet ons di meeste o'erslaan.

DERDE HOOFSTUK.

DI WILDE NASIIS.

Dit word nou tyd, dat ons wat vertel van di nasiis wat hiir in di land gewoon het toen di Europeaners hiir gekom het. Ons het al hiir en daar wat vertel van di Hottentots en di Saldanhas. Mar hulle was ni di enigste ni. Di hele land was vol mense.

Geleerde manne het al lange tyd ondersoek *waar* di nasiis van daan kom en *hoe* hulle hiir gekom het. Mar hulle kan dit ni regte seker uitvinde ni. Want kyk, di Europeaners het hiirnatoe gekom met skepe saam; mar hoe het hulle hiir gekom?

Wi weet of hulle ni altemit van di Noorde kant van Afrika af gekom het ni? Di Arabire het meer as eens van di kant af deurgekom. Tot by Delagoabaai weet ons seker was hulle gewees. En onder di nasiis wat hiir woon is tot van dag toe nog gewoontes van di ou'e Oosterse volke, soos b.v. di *besnydenis*. En di wonderlikste is, dat di nasiis almal hulle kinders besny, ni as hulle klein is ni, mar so naastenby in di jare wat Ismaël gewees het toen hy besny is.

DI HOTTENTOTS EN BOESMANS.

Soos ons almal weet, hiir woon 'n menigte nasiis. Ons kan ni almal apart beskrywe ni. Dan word ons boek te groot. Mar al di nasiis kan ons in 2 soorte verdeel:—

1. **Hottentots**; Boesmans, Korannas, Namakwas, ens.

2. **Di Kaffers**: Sulas, Basutos, Fingoes, Makketese, Pondos, ens.

Twe van di eerste Sendelinge wat hiir onder di nasiis kom werk het was twe Hollanders, **Van der Kemp** en **Kicherer**. Hulle het hiir gekom in 1799. Van der Kemp het onder di Kaffers en Kicherer onder di Hottentots en Boesmans gaan arbei. Hulle twé het di twe soorte van nasiis beskrywe, soos hulle in di tyd gewees het. Hulle boeke is ni oral te kry ni; daarom sal ons so kort als molik is vertel wat hulle van di nasiis sê. Kicherer skrywe van di Hottentots en Boesmans in syn "Berichten," bl. 24—29:—

"Hulle weet ni van onse liwe Hére ni, en hulle het gaar gen godsdiins ni. Mar hulle glo in di Hottentotsgod (*mantis*.) Hulle geloof is, als hulle hom kry, dan is dit 'n goeje teken; mar als hulle hom doodmaak, dan bring dit 'n ongeluk o'er hulle.

"Hulle glo in 'n soort van bose gees oek, en hulle denk dat hy di oorsaak is van al di kwaad en di siiktes wat daar op di wêreld is. En as een van hulle siik word, dan het hulle to'erdokters, di begin dan te slaan en te raas en lawaai te maak, ver ure lank, om di bose gees weg te ja.

"Hulle geaardheid is mar ellendig en liderlik. Hulle smeer hulle lyf met vet en gaan dan in di son lê. Hulle was ver hulle nooit ni. Nou kan 'n mens self begryp hoe smerig hulle naderhand lyk. Huise maak hulle ni Hulle grawe somar gate in di grond, omtrent 3 voet diip, met so 'n walletji

ro ndom, entrek dan mattjiis daaro'er; dan lê hulle daaronder soos varkes. Hulle is vreselik lui. Net mar di honger alleen kan ver hulle uitja uit hulle gate uit. Hulle bly liwers da'e sonder kos, as om moeite te doen daarvoor.

"Di Boesmans lewe meeste van jag. Hulle skiit di wild met gifpyle. Di gif haal hulle uit slangkoppe, en smeer dit an di punt van di pyle. Dan beknip hulle di wild agter di bossiis. En as dit kaalveld is, dan binde hulle bossiis op hulle kop om di wild te betrek. En hulle skiit mar net lekker met 'n pyl oek. Op 100 tré vër kan 'n bok maar sê, dis 'n geluk as hy vry kom. As di pyl hom mar effentjiis raak, dan is hy in di hand. Hy sal ni te vër loop ni. Di gif lat hom netnou neerslaan. Dan sny hulle di stuk uit, wat di pyl in sit, en di ander eet hulle op. Hulle kan amper net so viinig loop as 'n pèrd.

"As hulle ni wild kan kry ni, dan eet hulle slange, muise, en al sulke goed. Baro, uintjiis en wortels grawe hulle uit di grond uit om te eet.

"Hulle lewe mar sleg onder makkaar. Di mans het heel party vrouens. Mar warë liefde ken hulle ni. Ver hulle kinders sorre hulle mar min en bestraf ver hulle nooit ni. Mar as hulle di dag kwaad is, pas op! dan slaat hulle somar di kinders dood. As hulle rusi kry onder makkaar, dan moet di kinders van di ander dit vergelde. Dis ver 'n Boesman mar niks om jou kind dood te slaan as hy ver jou kwaad is en hy siin ni kans om ver jou te wen ni. Partykeer as 'n leeu voor di kraal staan en brul, dan rooi hulle ver hom 'n kind uit om op te vreet. Dan gaat hy weg. Soos di kinders kan kruip, dan hou di moeders op om ver hulle te sorre.

"Di Boesmans trek baing rond agter di wild an. As hulle nou wegtrek van 'n plek af, dan lat hulle di ou mense wat ni kan saamtrek ni, somar agterbly met 'n stuk vlys en 'n voelstruiseierdop vol water. As dit op is, dan moet hulle mar van honger sterwe, of anders vreet di wilde dire hulle op."

Dit vertel Kicherer van di Boesmans. En hy het seker niks bygemaak ni. Want hy het lank met di nasi omgegaan en perbeer om ver hulle reg te breng. En hiiruit kan 'n mens siin hoe onmenselik hulle is.*

* Daarom oek dat party mense, wat di Boesmans goed ken, ni wil glo dat hulle mense is ni. Di skrywer van ons geskiedenis het gehoor van twé mense wat gestry het daaro'er, of 'n Boesman 'n mens is of ni. Di een sê: " 'n Boesman is gen mens ni. Want kyk! di taal van al di mense is al beskrywe, mar hoekom het nog nooit 'n man in staat gewees om 'n Boesman syn taal te beskrywe ni? En hulle lewensaard is oek mar nes di dire. Kyk, 'n kaffer, al is hy nog so sleg, hy maak tog ver hom n struis (strooihuis), hy hou tog 'n bitji vé en saai tog kafferkoorn of milliis. Mar 'n Boesman trek mar rond nes di roofdire. As hy dik gevreet is, dan gaat hy in di klipskeur lê tot hy weer vaal is van di honger. Hy is oek nes 'n hond: in 'n paar da'e vreet hy hom vet," ens.

Di ander seg toen: "Ek sal ver oom twé vra'e doen. "Hou 'n Boesman honde?" —"Ja." —"Maak 'n Boesman vuur?" —"Ja." —"Nou dan is hy 'n mens. Want watter diir hou dan honde? En watter diir maak dan vuur? Kyk, oom, 'n bobajaan is baing slim, en as dit koud is, dan gaat hy oek langes di vuur sit as hy 'n vuur siin. Mar van vuurmaak weet hy ni. Di vuur gaat so dood, maski lê daar hout langesan. Hy weet ni van opgoi ni."

En dit was di waarheid oek. Al is di Boesmans nog so ellendig; hulle is daarom mense. En as ons ni so is as hulle ni, dan moet ons ni ver hulle verag ni; mar ver hulle jammer hê, en dankbaar wees dat onse liwe Here ver ons ouers gegé het wat ver ons beter geleer het.

Di Boesmans was mar 'n arme ongelukkige volk. Omdat hulle nes wilde dire lewe van steel en rowe was di Boere meer as eens verplig om hulle te straf. As hulle onder 'n Boer syn vé kom, dan maak hulle nes di tiers. Hulle vang ni één bees of één skaap en eet hom op ni. Né, al wat hulle kry maak hulle dood. Wat hulle kan opeet eet hulle op, en di o'erskiit-lat hulle somar lê. Dit het gemaak dat di Boere hulle baing doodgeskiit het. Want hulle kon ni anders maak ni. In di hande kan 'n mens hulle ni kry om hulle te straf ni. Hulle skiiit te geweldig met di gifpyle. En dan lê hulle agter di klippers en in di bossiis en soos di Boer syn vé kom seek dan skiiit hulle hom dood met di gifpyle. Hoe wou di Boere nou anders maak?

Mar di Kaffers het eintlik ver hulle amper uitgeroei. As hulle di Kaffers syn vé steel, dan omsingel di Kaffers so'n kraal en slaat somar almal, met vrou'ens en kinders, met knopkiriis dood nes honde. Op di manier is di Boesmans al amper heeltemaal uitgeroei. Party is mak by di Boere. Party het deurmakaar geraak met ander stamme. Mar apart, soos eers, kry 'n mens hulle amper ni meer ni.

Di Hottentots is oek byna almal mak by di Boere. Korannas en Namakwas* is daar nog 'n menigte wild. Daar is daarom nou al sendelinge onder hulle oek.

DI KAFFERS.

Di KAFFERS is meer menselik as di Boesmans. Hulle is wel swarter van kleur, mar hulle is groter van lyf en beter geskape. Hulle lewenswaard is oek ni so beestelik as di Boesmans syn ni. Van der Kemp, di eerste sendeling wat onder di kaffers ingegaan het, het 'n lange beskrywing gegé van hulle geaardheid en maniere, in di "Gedenkschriften van het Nederl. Zendeling-genootschap, tweede deel." So een en ander, wat nou di belangrikste is, sal ons daaruit o'erneem:—

"Godsdiins het di Kaffers ni; mar des te meer bygelowigheid. To'ery is regte algemeen onder hulle. Hulle het 'n menigte to'erdokters. As 'n koning of 'n kaptein siik is, dan moet di to'erdokter kom. Dan word altyd vertel: 'Di of di het hom geto'er.' En di arme man kom ni vry ni. Hy word dood gemaak, of hy daarvan weet of ni. Partykeer goi hulle hom met asgaie dood. Partykeer skeur hulle 'n boomstam oop, en buig dit na weerskante toe om, en sit di man in di mik; dan laat hulle weerskante los, dat di boom hom dooddruk in di middel.

*Di Namakwas anbid di maan. Hulle eet gen hasiis ni. En as 'n mens nou hoor waarom ni! In "Kundsen's Gross Namaqualand" lees ons wat hulle daarvan vertel:

"Di Maan gaat dood en word weer lewendig. Di Maan sê toen eenmaal an di Hasi: "Loop jy na di mense toe en sê ver hulle: Net soos ek doodgaan en weer lewendig word, so sal julle oek doodgaan en weer lewendig worde." Di Hasi loop toen na di mense toe en sê: "Net soos ek doodgaan en ni weer lewendig word, ni so sal julle oek doodgaan en ni weer lewendig worde ni." Toen hy weer terugkom vra di Maan ver hom: "Wat het jy gesê?" "Ek het ver hulle gesê: Net soos ek doodgaan en ni weer lewendig word, so sal julle oek doodgaan en ni weer lewendig worde ni?" "Wat?' sê di Maan, "het jy dit gesê?" En hy vat 'n stek en slaat hom op syn bek en daarvan is syn bek nou oop van voor. Di Haas het toen gevlug en tot van dag toe vlug hy nog mar altyd. "Ons is nou kwaad ver di Hasi," sê di ou Namakwa, "omdat hy so'n slegte boodskap gebreng het, en daarom eet ons ni syn vlys ni."

“Di to'erdokters haal partykeer konsuis klippiis, of beentjiis, of slange, ens, uit di sike syn lyf uit. Partykeer jaag hulle kamma, met di asgaai in di hand, agter di duiwel an wat hulle uit di sike uit gejaag het, o'er berge en dale. As hulle di duiwel kan inhaal dan word di sike gesond; as hulle hom ni kan kry ni, dan gaat di sike dood.

“Hulle begrawe ni di dooi'e ni, maar goi di lyke ver di wolwe. Net mar di koning word begrawe as hy sterwe. As een gevaarlik siik is, dan gaat hulle hom in di veld weggooi. As hy altemit weer terugkom en hy word ni gesond ni, dan doet hulle dit weer, partykeer tot 3 mal toe, tot hy dood is. Dit lyk of hulle bang is dat so 'n sike di ander sal ansteek. Net so maak hulle as een wil versuip, dan hardloop hulle weg of goi hom met klippers. As 'n vrou in barensnood is, dan loop hulle oek almal weg, in plaas van ver haar te help.

“Di kaffers besny hulle kinders soos hulle 12 of 14 jaar oud is. Hulle het 'n heelparty seremoniis daarby. Na di besnydenis word hulle hële lyf wit geverwe, dan word hulle in di rivier gejaag om ver hulle skoon te was. Di ou klere word dan weggegoi en nuwe angetrek. Dit lyk of dit moet beteken, dat hulle nou nuwe mense geworde het met di besnydenis.

“Vrouens koop hulle ver vé. Mar hulle mag haar ni weer verkoop ni. Veelwyvery is algemeen onder hulle. Di gewone kaffers het 2 of 3 vrouens; maar di kapteins het meer.

“Hulle lewe van hulle vé en van jag. Geld het hulle ni: hulle ruil mar o'er en weer. Sout gebruik hulle ni. Hulle smeer di vlys met koeimis en smyt dit dan in di vuur om te braai. Vuur vrywe hulle uit di hout uit. 'n Plat stuk hout lê hulle op di grond neer, maak daar 'n kleine gaatji in, en 'n dun stokki sit hulle regop daarin en vrywe dit tussen hulle hande, tot di hout waar dit op makkaar vrywe naderhand warm worde en an brand raak.

“Di vrouens moet al di werk doen. Di mans is te lui om te werk. Koeie melk, jag, en oorlog maak, is al wat di mans doen.” So veul nou van Van der Kemp.

Met di kaffers is dit ni nes met di Boesmans gegaan ni. Hulle is nou nog 'n sterk volk en 'n menigte stamme. Sendelinge is al onder party stamme en party van hulle is al ordentelik beskaaf. Mar daar is daarom nog 'n menigte wat ni van onse liwe Here weet ni. En dis te wens, dat di Christendom wat hiir in Afrika is nes 'n suurdeeg in di middel van di meel (Mat. xiii : 33), mag deur trek, totdat al di nasiis wat rondom ons woon di Here Jesus leer ken en leef. Daarvan sal ons later meer sê as ons vertel van di sendelinge.

VIIRDE HOOFSTUK.

DI ANLEG WORD 'N KOLONI.

Plan om 'n Kanaal te maak.—"Vrye Burgers."—Ewa.—Bevolking in 1657.
—Kwelling an twé kante.—Grond gekoop.—Van Riebeeck vertrek.

"Di mens o'erdenk syn weg, mar di Hére bestiiir syn gang," sê di spreekwoord. En so het dit oek hiir gegaan met ons Koloni. Di maatskappy wou mar 'n anleg hiir gemaak hê, en dis naderhand 'n koloni geworde. En dit was mar goed oek; want dit sou tog jammer wees om di goeje grond somar woese te laat lê. En di Hottentots was mos te lui om dit te bewerk.

Di maatskappy het eenslag plan gehad om van di Kaap 'n eiland te maak. Hulle wou 'n **kanaal** gemaak hê van Tafelbaai af na di Hottentots Hollanse sê toe, en so di twé baaie innakaar gelei hê. In di tyd van gouwerneur Van der Stell het hulle weer daaro'er gepraat, en toen het hulle oek daarmê begin, mar di waaisand het hulle so gehinder dat hulle verplig was om dit op te gé.

VRYE BURGERS.

Toen party van di mense wat by di maatskappy in diins was, hulle tyd uitgediin het, het hulle ver di maatskappy gevra om hiir an di Kaap te kan bly woon as "Vrye Burgers" (soos ons Boere nou,) en om 'n stuk grond om op te boer. Di maatskappy was dadelik gewillig en het ver hulle toen stukke grond gegé of ver 'n goedkoop prys verhuur. Saad, bome, plantjiis, en wat hulle wou hê, kon hulle uit di Kompiniis-tuin (di tuin van di maatskappy) kry. Op di maniiir het hulle toen begin plase an te lê, altyd verder en verder. Mar daaro'er is di Hottentots 'n bitji opstandig geworde; want hulle was bang, dat hulle op di maniiir hulle land sal kwytraak. Mar later, sal ons siin, het di onenigheid eers reg uitgebreek.

Van Riebeeck het naderhand weer 'n ander tolk gehad (Harry het mos weg-geloop) en haar naam was Ewa. Deur haar het di Hollanders toen meer van di nasiis gehoor. Di Saldanhas vertel van 'n groot Kaptein, wat diper in di land in woon. Hulle noem ver hom "Chobona." Hy was Groot-kaptein o'er al di ander. Wonderlike geskidenisse het hulle oek vertel (en hulle glo dit vas) van lande waar goud in di sand gekry is, en waar grote kliphuise nog staan en wit rys groei.

BEVOLKING VAN DI ANLEG.

In di jaar 1657 is di eerste slawe hiir ingevoer. Op di 30st. Mei was hiir vollens opgaaf:—

Soldate.....	80
Sike	15
Wit vrouens en kinders ...	20
Slawe van di Maatskappy ...	98
Vrye Burgers	51
Slawe van di Vrye Burgers	89
Bandite	7

Te same 360.

As 'n mens nou di sike, di slawe, di bandite, en di vrouens en kinders af-trek, dan bly daar mar 131 man o'er om di h le anleg te verdedig.

Van Riebeeck het tedanig kwellig gehad van di weglopery van di slawe en di nasiis het hom so baing gefop, dat hy naderhand ronduit moes verklaar dat hulle algar diwe en skelms is, mar Harry di grootste van almal. Op laas het hulle di skurk tog in di hand gekry, en 10 Juli 1658 met tw  van syn maters saam na Robben Eiland gestuur.

ABRAHAM GABBEMA.

Di Maatskappy was mar in di tyd in groot moeilikheid. An di een kant was di Vrye Burgers (ons noem hulle nou verder mar di Boere) ontevrede, dat hulle ni met di nasiis vry kan handel ni. En an di ander kant wil di Hottentots oek ni deug ni. Di gevaar word toen so groot aan di kant van di Hottentots, dat di Gouverneur verplig was op di eerste Mei 1659 'n besluit te neem, om 'n Kommande op te maak. **Abraham Gabbema** was Kommandant, en syn manskap was 150 man sterk. Di Kaapmans en party van di ander stamme word toen oek opstandig. Een van di Kaapmans het hulle gevang, en toen hulle ver hom vra waarom hulle almal nou so-mar-so vyandig is, s  hy, omdat di Hollanders al hulle beste veld, waar hulle v  moet wei, in besit neem. En dit is so v r waar oek. Mar di Hollanders kon daar niks an doen ni. En an di ander kant, di Hottentots kon nooit teen di Hollanders veg ni.

GRONDVERKOOP.

Toen di maatskappy hoor dat di Hottentots ontevrede is o'er hulle grond, g  hulle las om 'n stuk grond te koop, so dat hulle hiir 'n vaste eiendom het. In 1672 het hulle toen di Kaapse distrik gekoop van Kaptein Schacher, van Leeuwkop tot an Saldanha Baai; en kort daarna weer di distrik van Hottentots Holland van Kaptein Dhouw. So het di Hollanders op laas vaste eiendom an di Kaap gehad; toen kon hulle vry werk en boer en handel. Ver elk een van di kapiteins het hulle  800 belowe, mar hulle het skaars  10 an klerasi ontvang.

In di tyd van Van Riebeeck word oek poginge gedaan om di land te ondek, want hulle was mar net so v r as Tafelberg bekend met di Suid-deel van Afrika.

So word **Jan Wintervogel** in 1655 uitgestuur ver 'n ondekkings tog. Hy het 3 weke weg gebly en mar min uitgevoer

In 1657 het **Abraham Gabbema** di Paarl berg, Drakenstein en andere plekke in di nabyheid ondek.

Op laas het di maatskappy ver Van Riebeeck syn ontslag geg , en in 1662 is hy van di Kaap na Batavia gegaan. Hy was 'n vroom en deugsam man en onder al di teenspoed verdiin hy tog di eer van Stigter van di Kaap Koloni. Tien jare was hy hiir, van 1652 tot 1662. Toen hy hiir gekom het was hiir niks. Nou is hiir 'n Kasteel, huise, tuine, en plase. Di Anleg is 'n Koloni geworde.

VYFDE HOOFSTUK.

DI KOLONI GROEI OP ONDER TEENSPOED.

*Dri klasse.—Ware toestand.—Van Hoorn.—Van Wagenaar.—Van Quaelberg.
—Borghorst.—Hackius.—Goske.—Moeilikheid met di Hottentots.*

Ons sal nou verder goed moet let op di onderskeid tussen di anleg van di Maatskappy en di jonge koloni. Party skrywers o'er di geskiedenis van ons land het vergeet om dit in di oog te hou.

Ons het nou dri klasse van mense wat ons moet uit makaar hou. Daar is nog di party wat in diins is van di Maatskappy; hulle word betaal en hulle moet mar doen soos hulle orders kry. Dan is daar nou 'n klompi "Vrye Burgers," of Boere, wat hulle ei'e plase gehuur of gekoop het, en ver hulle selwers werk. En dan is daar di Hottentots en ander nasiis, wat hiir in di land gewoon het.

Di belangrikste van di dri klasse ver ons is natuurlik di Boere. Dis hulle wat eindlik di Koloni gestig het. Want di wilde nasiis *kon* dit ni doen ni; wat weet hulle van huise maak en plase anlê? En di mense wat in diins van di Maatskappy was *wou* dit ni doen ni; hulle werk mar ver di voordeel van di Maatskappy en van hulle selwers, soos ons later gedurig sal siin.

Mar wat het di arme handjivol Boere tog moet sukkel in di eerste tyd! An di een kant di nasiis—bang om hulle land te verliis—was mar altyd daar op uit om di Boere te besteel en te vermoor. An di ander kant—di meeste van di gouwerneurs wat di Maatskappy na Van Riebeeck hiernatoe gestuur het, en di ander hoge heertjiis, wou mar altyd di arme Boere verdruk en ver hulle selwers verryk.

Mar dis 'n teken van alles wat waarlik goed is: dit groei op onder ramp en teenspoed. En so was dit met ons koloni oek. Dit sal ons siin as ons vertel wat toen verder gebeur is.

Omdat Van Riebeeck so dikwils al syn ontslag gevra het, stuur di Maatskappy naderhand ver *Gert van Hoorn* as syn opvolger van Holland af hiernatoe in 1660. Mar ongelukkig is hy op sê gestorwe eer hy an di Kaap was. So moes Van Riebeeck nog 'n tydji bly.

ZACHARIAS VAN WAGENAAR, 1662—1666.

Di Maatskappy het toen weer ver **Zacharias van Wagenaar** gestuur. In 1662 kom hy hiir an, en Van Riebeeck vertrek toen na Batavia. Op di sesde Mei 1662 het Van Wagenaar di Koloni o'ergeneem uit Van Riebeeck syn hande. Hy het verklaar dat hy alles in di beste orde gekry het.

a In di tyd gê di saailand van di Maatskappy al deurenbank 545 mud koorn in di jaar op, en di klein klompi Boere kon oek al jare omtrent 100 mud koorn verkoop. Di uitgaaf van di koloni was toen al jare 38,773 gulde (£2 908 7s. 6d), en di inkom 32,000 gulde (£2,400).

Dit was mar moeilik in di da'e om al di skepe wat hiir ankom te voorsin. Di Maatskappy het alleen al 40 skepe gehad wat met di Indiane gehandel het,

en altoos hiir ankom om kos en water in te neem. En di Hottentots wou ni altoos vé verkoop ni. Di prys van 'n koei was in di tyd 'n stuk tabak net so lank as di koei is van haar stért tot by di horens; en van 'n skaap netso.

Di Maatskappy het in di tyd oek 'n party fatsoenlike jonge meisii, di mees-te wese, hiirnatoe gestuur om met di Boere te trou.

Di slawehandel het oek nou begin in di koloni. Di Engelse het di eerste slawe hiir ingevoer. Op di agste October 1664 kom di *Lion*, 'n Engelse skip, hiir an met 'n vrag slawe van Madagaskar. Di arme goed was somar nakend en brand ma'er. Di Engelse kaptein het hulle verkoop ver £50 stuk.

Van Wagenaar was gou di lewe hiir moeg. Di Maatskappy het hom meer geld belowe, maar hy wou ni langer bly ni. Wagenaar het di Kasteel "De Goede Hoop" hiir laat bou in 1666. Dis al wat hy belangrik hiir gedaan het.

KORNELIS VAN QUABELBERG, 1666—1668.

In Jannewari 1667 het **Kornelis Van Quaelberg** hiir angekom as kommandeur. Hy het weinig gedaan in di belang van di Koloni, en wou hom mar self ryk maak.

Lodewyk XIV het 'n plan gemaak om 'n groot koloni te stig in di Ooste, en stuur daarom 'n groot vloot om koloniis van ander lande te gaan afneem. Di vloot was ni goed versorg ni, en so was di skeepsvolk byna almal verhon-ger toen hulle an di Kaap kom.

Van Quaelberg het hulle ni alleen kos gegé ni, mar oek baing vrindelik be-handel, en dit was teen di sin van di Maatskappy, want Holland was in di tyd kwaad gesind teeno'er di Franse. Van Quaelberg word dus van zyn pos ont-sla'e en hulle stel toen weer ver *Jakob Borghorst* in syn plaas an, in Jannewari 1668. In syn tyd het di Maatskappy laat ondersoek doen na edelgesteente in di koloni. Mar hulle het ni gekry ni.

PIETER HACKIUS.

Na hom kom weer *Pieter Hackius* in 1670. In syn tyd het di Hollanders di wet gemaak, dat ider man ver elke boom wat hy afkap op syn plaas twé an-der in di plek moet plant. Daarom is daar nou nog rondom di Kaap, Wyn-berg, en Hottentots Holland so baing bome. En dit was 'n goeje wet oek. Dit sou goed wees as ons Parlement di wet weer wil invoer.

YSBRAND GOSKE, 1672—1676.

Na syn dood word **Ysbrand Goske** aangestel as eerste **Gouverneur** van di Kaap, in 1672. 'n Nuwe kasteel het hulle nou begin te bou. In Sep-tember 1673 het amper al di Maatskappy syn beeste versuip in di wildesand, an di mond van Sout Rivier.

Tot nog toe was hiir-gen skool gewees ni, en Jan Wittebol was di eerste meester wat aangestel is. Twé klein Hottentotjiis kon altoos verniit geleer worde in di skool. Di regering het ekspres 'n man aangesteld oek om di taal van di Hottentots te beskrywe. Syn naam was Wreede. Mar hy was 'n slegte man; so is er daar verder niks van gekom ni.

MOELIKHEID MET DI HOTTENTOTS.

Di Boere het in di tyd mar gedurig moeilikheid gehad met di Hottentots-stam-me. Gonnema, en 'n party ander kapteins wat met hom saamgespan het,

het di Boere jare lank gekwel. In 1671 het Gonnema met syn volk reeds twé Boere vermoor. Kort daarna steel hulle al di vé van 'n arme Boer weg, en in November 1672 neem hulle weer al di goed af van dri Boere wat gaan sekoeie skiit het in di Bergriviir, en eindelik het hulle 8 man omsingel om di te vermoor. Di Gouverneur Goske stuur toen ver Luitenant Kroese met 36 man om hulle te gaan verlos; mar toen hulle daar kom was dit al te laat.

Di Gouverneur kry naderhand weer di tyding, op di 14de Juli, 1673, dat di Hottentots weer 4 man vermoor het, en hy stuur nog 18 man te pèrd om ver Kroese te gaan help. Soos ons kan verwag, di Hottentots vlug; mar 4 van Gonnema syn volk, en 800 beeste en 900 skape kry hulle in di hande.

In Maart 1674 moes di Gouverneur al weer 'n kommande uitstuur teen Gonnema om hom te straf. Mar nou was di kommande 'n bitji sterker: 50 soldate, 50 Boere, en 250 mak Hottentots. Toen het hulle hom dedelik di les gelees; het hom vèr weggedrywe, en ruim 800 beeste en omtrent 4,000 skape afgeneem.

In November 1675 kom hy waarlik weer; mar nou val hy di mak Hottentots an wat ver di Boere gehelp het di vorige keer, vermoor 'n heel party van hulle, en neem 'n menigte van hulle vé af. 'n Kommande soldate, te pèrd en te voet, word agterna gestuur; mar kon hulle ni kry ni.

In Maart 1676, is weer dri Boere vermoor deur di Hottentots. Di Gouverneur stuur weer 'n trop soldate onder Luitenant Kroese; mar soos gewoonlik keer hulle onverrichter sake terug. Want di soldate gé daar mar bloed weinig om hoe di Hottentots met di Boere werk. Mar beeste en skape het hulle gedurig van di Hottentots afgeneem, so dat hulle al armer word. Op di derde Juni, 1677, stuur Gonnema afgesante om di Gouverneur om vrede te kom vra. Di 25ste van di maand is daar toen 'n vredestraktaat gesluit tussen di Hollanders en di Hottentots, waarin bepaal word dat Gonnema ver di Gouvernement om ekskuus moet vra, en verder al jare 'n belasting moet betaal van 30 beste.

Om op di belofte van sulke kerels as Gonnema staat te maak, sou gekheid gewees hê. Dit het di Gouverneur oek gou moet ondervinde in di betaling van di beeste. 'n Engelsman, soos Dr. Philips in syn boek: "*Onderzoekingen in Zuid Afrika*," mag di deugde van di Hottentots, en daaronder veral hulle *liefde ver di waarheid*, prys so veul as hy mar wil, ons wat da'eliks met hulle omgaan weet van beter.

Dat di Maatskappy alles gedaan het om mar in vrindskap met di Hottentots te lewe, kan nimand betwis ni; mar dat daar oek wel 'n enkele maal wreedheid gepleeg is, kan ons ni voor stry ni. Di vyandskap was an weerskante mar groot. Gen patrolji van 12 man kon 20 myle vèr gaan, sonder deur di Hottentots gemolesteer te worde ni. En tog as 'n wit man 'n Hottentot mishandel het, en dit kom voor di Gouverneur, dan kry hy 'n swaar straf. Ons kry in di regsboeke van di da'e verskeie voorbeelde daarvan. Eèn sal ons mar anhaal om te laat siin. 'n Hollander, Willems was syn naam, het 'n Hottentot doodgeskiit, soos hy sê, per ongeluk. Hy vlug toen uit di Koloni na Holland toe. Daar kry hy pardon, en kom toen weer na di Koloni toe. Hy het gedog hy was nou vry. Mar ja wel, wi sê so? Onse ou maat word opgepak net soos hy ankom en na Robben Eiland gestuur, en naderhand weer daar vandaan af na Mauritius getransporteer.

Sommige skrywers o'er di Koloni, veral Engelse, het di Hollanders beskuldig dat hulle di Hottentots uitgeroei het. Mar dit is pure leuens. Di grootste

verwoesting het di pokkiis en sulke aanstekelike siiktes onder hulle angerig. 'n Mens kan self begryp, as di pokkiis of masels in so 'n kraal onder di Hottentots of Boesmans kom, dan skiit daar mar min o'er. Dan kom daar nog by, dat toen di Hottentots met brandewyn en tabak bekend word, hulle dadelik daar 'n afgod van maak en hulle gesondheid daarné verwoes. Kyk mar in ons da'e nog.

Di arme Vry'e Burgers (Boere) kry dit nou mar swaar. Hulle word **vry** genoem, mar ons sal nou ni so groots op di vryheid wees ni. Wat hulle moeilikhede was siin ons uit di vollende petisi, wat hulle an **Verburgh**, 'n Komissaris in di diins van di Maatskappy, gè, om 'n di Maatskappy voor-gelê te worde. Hulle vra :—

- (1) Dat hulle hulle goed kan verkoop ver enig prys, en ni ver di vasgestelde prys van di Maatskappy ni ;—
- (2) Dat di regte an Vrye Burgers in Batavia' gegè, oek an hulle moet verleen worde ;—
- (3) Dat Boere wat nog ni grond het ni, grond in Hottentots Holland moet gegè worde ;—
- (4) Dat di prys van rys moet verminder worde, ver di voordeel van arme burgers.

Buiten di laatste artikel, word di andere toegestaan. Dit was in 1971.

SESDE HOOFSTUK.

DI KOLONI GROEI OP ONDER TEENSTOED.—(Vervolg).

Simon Van der Stell.—Nuwe Emigrante.—Reis na Namakwaland.—Ankoms van Hugenote.—Aardbewing.—Willem Van der Stell.—Onenigheid.—Klagte.—Vervolging—Tas.—Ontslag van Van der Stell.—van Assenburg.

In di vorige hoofstuk het ons gesiën hoe di arme Boere an di een kant het moet ly van di Hottentots. Nou sal ons siën hoe hulle verdruk geworde is van di Gouwerment. Mar laat ons eers di geskiedenis 'n bitji verder vertel, dan kom ons van selfs aanstons daarby.

In 1678 sterf di Gouwerneur Johan Bax van Herentals, wat in 1676 hiir angekom het as Gouwerneur tot grote droefheid van al di inwoners; want hy was 'n goeje man. In syn tyd is di kasteel klaar gekom. In 1676 was daar 'n grote droogte, waardeur daar 'n misoes was en baing van di vé vrek. In di tyd trek party van di Boere so vér as Hottentots Holland. Di Gouwerment het te danig di boerdery vortgehelp, so dat daar genoeg graan in di Koloni moes gewen worde; want tot nog toe het hulle altyd veel rys van Batavia af ingevoer.

SIMON VAN DER STELL, 1679—1699.

Na di dood van Bax van Herentals kom **Simon Van der Stell** hiir an as Gouwerneur op di twaalfde Oktober, 1679. Na hom is Stellenbos genoem. Syn regering het 21 jaar geduur en hy was 'n bekwame man. Deur hom is di eintlike kompeniis-tuin geplant wat vandag nog 'n siraad ver di Kaapstad is.

Nadat daar gedurig na Holland geskrywe was om tog emigrante na di Kaap toe te stuur, kom daar in 1684 50 boere en ambagsmans en net so veel fatsoenlike jonge meisiis uit. Di meeste van hulle het an Stellenbos en Drakenstein gaan woon.

DI KOPERNYNE.

In 1685 het Van der Stell 'n reis gemaak na Namakwaland toe; dit was in di da'e vér in di woeste wêreld in. Hy het 'n groot geselskap by hom gehad. Hulle het 15 weke uitgeby, en by alles wat hulle gesiën het, het hulle oek nog di **koper-myne** ontdek.

Van 1688 tot 1690 het di Franse vlugteling of Hugenote hiir angekom. Mar ons sal nou hiir niks van hulle vertel ni. Ons sal liwers 'n aparte deel van ons geskiedenis daarvoor gebruik. Dan kan ons alles omstandiger vertel.

'n Aardbewing was hiir op di 7de September, 1695. Net 44 jare daarna, in 1739, op diselfde maand en dag was dit weer. En in Juli, 1766, en dikwils na di tyd is dit weer gebeur; mer nooit so erg, dat dit groot skade gedoen het ni. Dit lyk daarom of di Kaap vatbaar is daarvoor, en party natuurskundige denk dat di héle Kaapse vlakke eers sé was, aneen van Simonsbaai na Tafelbaai, en dit met aardbewing di grond so opgerys is. Dis ni onmo'entlik ni.

Simon Van der Stell het bedank in 1699, en het toen stil gaan lewe op 'n plaas naby Rondebos en syn seun **Willem Adriaan Van der Stell** kom toen in syn plaas. Hy was ni nes syn vader ni. Hy het di arme boere baing onderdruk. Hy wou mar net ver hom self verryk. Gen wonder dat di boere opstandig geworde het ni. Hulle was vroeger altyd onderworpe an di Gouwerneurs, so dat di met hulle maak net soos hulle wil. Mar di jonge Van der Stell het dit tog 'n bitji al te erg gemaak.

Di Boere het wel di naam gehad van “Vrye Burgers,” mar in di daad was hulle slawe van di Gouverneur en syn raad. Dis waar, daar was kamma so'n wet dat di Boere kan kla'e by di Gouverneur-Generaal in Indië; mar dit kon hulle nooit doen sonder kennis van di Gouverneur an di Kaap ni. En kom hy dit agter, dan kan hulle mar sê, hulle kry swaar da'e; hy vervolg hulle so vër as hy kan en reg kry hulle nooit. Mar laat ons mar eenkeer vertel di opstaad van di da'e, dan kan ons daaruit genoeg siin hoe dit in di tyd gegaan het.

In 1705 het di Boere 'n klagte opgemaak teen di jonge Van der Stell, en dit gestuur na di Gouverneur-Generaal in Batawië en na di “Kamer van Zeventien” in Holland. Di Boere was toen 450 in getal, en in treurige toestand. Hulle mag ni handel ni, en moes hulle goed an di Maatskappy verkoop, en dit ver di prys wat di Gouverneur bepaal. En dan moes hulle ansiin dat di Gouverneur en syn vrinde en gunsteling, teen di wet van di Maatskappy, sulke grote boerderye anlê dat di arme Boere naderhand niks van hulle goed kon verkoop ni. Di klagte wat hulle na Holland toe gestuur het begin op di manier:—

“Verdruk deur di grootste gebrek en elende, neem ons, in alle onderdanigheid, di vrijheid om ons regvêrdige klagte voor u, Hoogede'e te breng; en ons word daartoe nog meer gedwing, omdat ons, deur di onregvêrdigheid en vërgaande wreedheid van di Gouverneur, W. A. van der Stell, ni alleen gruwelik verdruk, mar net as slawe behandel word; en terwyl ons vrij gebore mense en onderdane van u, Hoogede'e, is, so is dit gemakkelik te begriip dat so'n behandelung ver ons dubbel hard val om te dra. Ons het daarom beslote om voor u, Hoogede'e, di vollende klagte te breng.”

Dan ga it hulle an om te vertel hoe di Gouverneur te'en di wet grote en kosbare stukke grond ver hom toe'eien, en op publike onkoste laat bewerk; so groot dat 50 Boere daar op sou kan lewe. Op syn grond staat 400,000 wingerdstokke, en hy het 800 beeste en 10,000 skape. Sestig man wat deur di Maatskappy betaal word moet ver hom werk, en nog 100 slawe van di Maatskappy moet ver hulle help, en sy wa'ens en ploë'e, ens. word gemaak van di Maatskappy syn yster en di houtwerk word uit di bosse van di Maatskappy gekap. Hy het 15 poste ver zijn vè en al di beste wei neem hij ver hom. Dan beskrywe hulle di manier waarop hy syn vè anskaf:

“Di Gouverneur, en syn broer Frans, di predikant, Petrus Kalden, en ander dinaars van di Maatskappy, was di eerste wat begin te handel het in vè; en dit het hulle op 'n onderduims manier begin sonder dat imand daarvan gewheet het. Om vè te kry het hulle 'n heel party gewapende mense, met kruid en lood uitgestuur, en di het hiir en daar vè geruil en op ander plekke met geweld afgeneem van di nasiis, so dat hulle met 'n groot trop vè teruggekom het. Hulle het cek op gemène maniere vè afgeset van di Boere, ens. Dit het di

Hottentos opstandig gemaak, en dan moet ons onskuldige Beer e dit vergelde."

Van di Gouverneur word ni alleen geklaag ni; van Kalden, di predikant, sê di klagte: "Hij is oek een van di grootste boere, en miski kry hy £9 in di maand van di Maatskappy as predikant, hy maak daarom niks van di godsdiins ni; hy gè baing meer om syn boerdery as om syn preekstoel. Hy bly partykeer so mar 14 da'e agtereen op syn plaas. Dit gebeur dikwils dat mense van ver kom om hulle kinders te laat doop, of om te trou, en dat hulle so mar onverrigtersake moet omdraai. Maar daar gè hy niks om ni so lank as hy mar in guns is by di Gouverneur. En as di Gouverneur uit is op syn boerplaas, dan is hy oek uit. Hy gè daar niks om, om twè Sondage agtermakaar uit te bly ni, ensê dan nog ewe brutaal: "As di Gouverneur en di onder Gouverneur (Secunde Persoon) ni in di Kaap is ni, wat sal ek dan daar maak?"

Hieruit kan u, Hoogedele, nou self opmaak hoe min ons predikant om godsdiins gè. Ons kan nog baing voorbeelde opnoem, maar dis so skandelik, dat ons dit maar liwers sal laat staan."

Nadat hulle verder vertel het, hoe di Boere wat naas di Gouverneur syn plase woon verdruk word, sê hulle van di Gouverneur syn broer; "Hy is net so vol ondeug as 'n eier vol kos is. Hy doet net so veel kwaad as syn gal hom ingè, want hy reken nimand kan hom iits maak ni, hy is di Gouverneur syn broer. Hy is kompleet 'n pes ver di Kaap, en dis al plisier wat hy nou het om di arme Boere te bedriig en te vervolg. Ja, as dit in syn mag is om di laaste boer in een dag om te breng, hy sal ni twè daarvoor neem ni.

"Ja waarlik, uit di dade van di dri lyk dit of hulle denk dat hulle geregtig is om te doen net wat hulle wil, en dat hulle baas is van di hele land, so dat hulle mar kan maak net wat hulle wil. En as dit an hulle staan, dan verban hulle net nou di laaste boer uit di Koloni uit."

Di grootste klagte teen di Gouverneur is nog dat hy di wynboere so sleg behandel. Een tiinde deel van hulle oes moet hulle an di Gouwerment gè, en as hulle di ander wil verkoop dan bepaal di Gouverneur self di prys. As hiir vreemde skepe ankom wat wyn wil hê, dan moet di Boere an di Gouverneur hulle wyn verkoop ver 10 tot 20 riksdalders (15 shillings tot £1 10s.) di l'êr, en dan verkoop hy dit weer an di kapteins van di skepe ver 150 riksdalders (£11 5s), en steek dan al di voordeel in syn sak. Di korenboere moet hulle graan verkoop ver halfprys, ens. "Al di dinge is bewyse dat di Gouverneur 'n straf is ver di Boere, want hij is jaloers op hulle en doen al wat in syn vermoge is om hulle te renneweer; want syn spreekwo rd is: "'n Gerenneweerde volk is gemaklik om te regeer." Mar dis gen wonder ni, want di gemeenste soort van mense is syn beste vrinde, as dit hom maar voordeel anbrengh."

ADAM TAS.

Ons het al gesê dat hulle twè klagtes opgemaak het, een na Batavia en een na Holland; dis uit di laatste wat ons nou angehaal het. Di een na Batavia toe het hulle dadelik weggestuur; mar na Holland toe kon hulle nog ni kans kry ni, want dit moes stilletiis gaan. En voor hulle dit kon wegstuur na Holland toe, kry di Gouverneur al tyding van Batavia af, dat di Gouverneur-Generaal so'n klagte te'en hom ontvang het. Natuurlik, di Gouverneur en syn anhang was woedend, en hulle het dadelik alles gedoen wat in hulle vermo'e is om di daders uit te vinde. In so'n klein koloni, onder so'n bitji men-

se was dit gemaklik oek. En gou kryg hulle suspisi op **Adam Tas**, 'n boer van Stellenbos. Daarop neem hulle dadelik di besluit dat hij moet gepak wordé met al zijn papire, en opgebreng worde na di tronk in di kasteel. Di Gouwerneur stuur toen di Landdros Starrenburgh, en di Raadshere Willem van Putten en Jan Brommert, en 'n lid van di Burgerraad Hendrik Bouwman en gè ver hulle syn eie rytuig om stil-stil in di nag deur te ry na Stellenbos en, nog 'n party soldate met hulle same om dadelik gewapen syn huis te omsingel, en ni toe te laat dat imand anders daar ingaan of uitgaan ni.

Sondag morre, voor son-opkom, omsingel hulle di huis van Adam Tas storm somar syn huis in tot in syn slaapkamer waar hy met syn vrou en kinders nog slaap, en order al syn kiste en kaste om al syn papire te ondersoek, en hy moes hom dadelik klaarmaak om na di Kaap te gaan. Nadat hulle al syn papire deurgesnuffel het pak hulle hom op met papire en al en breng hom Kaap toe

Onder syn papire het hulle toen 'n kopy van di klagte gekry, met al di name van di kla'ers daaronder. Soos ons kan verwag, di Gouwerneur begin hulle toen te vervolgz. Tas het hulle dadelik in di tronk gesmyt, en moeite gedoen om di ander oek in di hande te kry; mar di wat kom skuld bely en erken dat hulle verlei is, kry pardon. Di ander kom almal in di tronk.

Di soldate en di konstawels het in korte tyd byna al di wat di klagte onder teken het gevang en opgebreng, en di wat ni wil terugtrek en om pardon vra ni, word verban na Mauritius, Ceylon of Batavia.

Met di vervolging het di Gouwerneur daarom ver hom self lekker gefop. Hy verban na Holland ver Henning Husing, 'n lid van di Burgerraad, 'n nog viir van di vernaamste Boere. Hulle het gou vrinde en invloed gekry in Holland en di sake daar so bekend gemaak dat di Maatskappy di Gouwerneur en syn anhang dadelik terugroep na Holland toe. Di order kom an di Kaap an in April 1707. En dadelik word almal wat in di tronk geset is vrygelaat; party het toen al meer as 13 maande daarin gewees. So gaat dit in di wereld; dit kan duur so lank as dit wil, mar op laas moet dit blyk: "De Heere kent den weg der regtvaardigen; maar den weg der goddeloozen zal vergaan"—Ps. 1: 6. In 1706 word di ambtenare belet deur di maatskappy om te boer ver hulle ei'e voordeel

En dat di jonge Koloni onder al di te'enspoed tog opgegroeit het, blyk uit di vollende opgaaf:—

Van Assenburg volg Van der Stell op in 1708 en kry toen di koloni verdeel in di distrikte van Kaap, Stellenbos, Paarl, Malmesbury, (Zwartland) Caledon en Tulbagh (Land van Waveren). Di Boere was iits minder as 2,000 en di slawe iits meer. In 1710 kon hulle verkoop 20,000 mud koorn, 1,200 mud rog, en 1,200 mud gars.

SEWENDE HOOFSTUK.

GOUWERNEUR VAN NOODT EN SYN TYD.

Simonsbaai.—Willem Helot.—Mauritz Pasquess.—Jan de la Fontaine.—Pieter Gysbert van Noodt.—Wreedheid. Samenswering. Doodstraf.—Vreselike Uiteinde.

In April 1708 het Gouverneur Van Assenburg 'n proklamasi uitgevaardig, waarin hy reg en vryheid terug gé an almal wat Van der Stell so onregvêrdig vervolg het.

In 1709 het di regering Simonsbaai laat ondersoek, en toen verklaar dat dit 'n veiliger hawe is ver di skepe in di winter as di Tafelbaai. Want hulle het al dikwils ondervinde dat di Tafelbaai in di winter, as di noordewind sterk waai, mar regte gevaarlik is. Dit moes hulle veral ondervinde op di 20ste Mei 1737. Toen is daar 8 skepe gestrand, en 207 mense verdrink. Van toen af het di Gouvernement orders gegé, dat di skepe in vervolg van tyd in Simonsbaai moet o'er winter, en daarom het hulle groot gebouwe daar op gerig.

Van Assenburg was mar kort an di Kaap. In 1711 kom syn opvolger **Willem Helot** an. In di jaar het hulle begin om di ou tronk te bou en in di vollende jaar sterf di ou Van der Stell, en word met alle eer en prag begrawe.

GOUWERNEUR CHAVONNES.

Mauritz Pasquess, Marquis de Chavonnes, 'n Franse Hugenoet, word tot Gouverneur benoem in 1714. Hij gebiid dat di wette van di Hollanse Gouvernement in Indië oek hiir geldig moet wees. An opvoeding en onderwys was tot nog toe mar min gedoen. Hy begin met vas te stel: dat di Onse Vader, Tiin Gebode, Geloofs Artikels, Gebede, ver smorreus en saans voor en na di ete, en di Kategismus moes geleer worde. En om te sorre dat di Bybel ni verdraai word deur di skoolmeesters ni, was idereen wat onderwyser wil wees, verplig om plegtig verklaring af te lê van syn geloof in di einge en in di Leerregels van di Synode van Dordrecht.

Dit was mooi van di Gouverneur dat hy gesorg het ver di onderwys en veral daarvoor dat godsdiins en onderwys same gaan. Want kyk ! _jy kan mos ni 'n mens syn hoof en syn hart, syn verstand en syn gevoel, van makkaar skei ni Daardeur het di man getoon dat hy 'n regte Gristen was.

GOUWERNEUR NOODT, 1727—1729.

Jan de la Fontaine het di bestuur o'er di Koloni gehad na di vertrek van Mauritz Pasquess tot di aankoms van Gouverneur **Pieter Gysbert Noodt** in 1727. Hy het glad ni gedeng ni en onderdruk syn onderdane op di skandelikste manier, en behandel di soldate so sleg, dat party 'n komplot gemaak het om te ontvlug.

In di tyd was daar twe soorte van mense in diins van di Gouvernement hiir: *O'erlamse* en *Bare*. *O'erlam* is 'n verkorting van di Slanse woord "Oranglame,"

en beteken : “ ’n ou bekende.” En Bare is weer van di Slamse woord : “ Orang-baru,” en beteken : “ ’n nuwe persoon.” Di Oerlamse was dus mense wat al jare in diins was, di Bare was nog mar kort hiir. Di Oerlamse wis al di paatjiis en kan by di Boere wat verdiin, en het dus di onderdrukking ni so erg gevoel as di Bare ni, wat nog heeltemal vreemd was ; so dat di ontevredenheid onder di Bare di ergste was.

Mar ni alleen di soldate ni, mar di arme Boere moes oek di onderdrukking voel. Byvoorbeeld, as ’n man kom te sterwe wat ’n plaas in Erfpag gehad het en syn seun of erfgenaam vraag daarom, dan word hom eenvoudig vertel, dat hy di gebouwe wat op di plaas staan mar kan wegneem ; di grond moet verkoop word. Dan word di plaas an di hoogste bider verkoop, en is so’n seun of erfgenaam ni in staat om di plaas self te koop ni dan moet hy mar danki bly wees as di koper hom iits wil gé ver di gebouwe, anders kan hy di mar kom afbreek ; en so is daar meer sulke dinge. ’n Gouverneur wat sleg is kan duisend kansé kry om syn onderdane te verdruk.

Deur di arme soldate hulle traktament te onthou, ontstaan daar ’n samenswering onder hulle. Dertig of veertig meeste Bare, maak ’n plan om ’n party kruid en lood te neem en o’er di kasteelmuur ver hulle te laat afsak met ’n tou en dan weg te loop, al langs di sê af, totdat hulle by ’n Portugese of ander Koloni ankom, om dan daarvandaar af na Europa te gaan. Byna alles was al klaar, toen ’n verraaier alles an Gouverneur Noodt gaat vertel. Hy laat di samensweerders dadelik pak en gé di Fiskaal las om di saak streng te ondersoek. Ag persone word ver di opmakers gehou en opgesluit in di tronk in ’n kamer waar anders di mense opgesluit word, wat moet gehang worde. Een van di ag is ontvlug. Hy het syn lyf siik gehou en word toen na di Hospitaal gebreng en van daar is hy gevlug. O’er di ander 7 spreek di Raad di vonnis uit om tiinmaal di spitsroede te loop en dan as matrose na Batawië gestuur te worde. Mar di vonnis was ni streng genoeg na Noodt syn sin ni. Hy roep toen as ’n duiwel : “*Né hulle moet hang, di beeste ! hulle moet almal hang !*”

Di hele Raad protesteer toen daarteen, en sê dat di mense wel ’n plan gemaak het om te ontvlug, mar dit nog ni gedoen het ni, en dat hulle daarom ni tot di dood kan veroordeel worde ni. Mar Noodt val hulle in di rede en skre :

“ Ek neem dit op mij ! ” en di Raad moes mar stilbly. Daarop word hulle vonnis toen verander in ’n ander, namelijk, dat hulle sou opgehang worde an di galg. Di Gouverneur teken toen dadelik di doodvonnis en skryf di woorde *Fiat Executio !*

Nadat di doodvonnis an di 7 skuldige voorgelees was, begin hulle klaar te maak om te sterwe, en breng hulle laaste dag deur met bidde, en bybellees, en sing en makkaar te vermaan en te vertroos. Op di vollende morre, om 9 uur, word hulle na di galg gebreng. Vollens gebruik van di da’e moes di Raad elke strafoefening bywoon ; en daar was oek nou, ni vër van di galg af ni, ’n groot tent opgeslaan, en daarin sit al di Raadshere te kyk wat gebeur. Rondom di geregsplaas staan di soldate, en agter hulle duisende toekykers. Di een na di ander, word al 7 opgehang. Vele van di toekykers, en van di soldate, en selfs van di Raadshere, kon ni help om te huil ni. Daar klim di laaste een op di galg. Di laksman wil di tou om syn nek knoop. Hy roep : “ Geef my nog één o’ enblik.” Nou draai hy syn gesig na di kasteel toe, waar di Gouverneur in di tyd woon, en roep so hard as hy kan : “*Gouverneur Noodt ! ek daag jou binnen een uur tyd voor di reg’erstoel van di Alwe’ende*

God, om daar rekenskap te gë van myn siil en di sile van myn vrinde! " Toen draai hy hom na di laksman toe en sê: "Nou, in Gods naam!" En kort daarna hang hy dood an di galg. Mar syn laaste woorde het almal laat bëwe.

Di straoefening is nou verby. Almal keer te rug na di stad. Di lede van di Raad gaat, na gewoonte, na di Gouverneur om ver hom te vertel dat di straf voltrokke is. Toen hulle daar kom, sit hy in syn leuningstoel an di end van di kamer, waar hy altyd sulke besoeke ontvang. Hulle kom in, en wat sal hulle siin? Daar sit di Gouverneur dood in syn stoel! Syn gesig is so vreselik, dat hulle hom ni kon ankyk ni.

Toen di gerug in di kasteel rondgaan, wou nimand dit eers glo ni. Een uur voor di tyd het hulle nog di Gouverneur fris en gesond gesiin rondloop. En nou is syn siil voor God om rekenskap te gë van syn dade.

Di Raad gaan toen na di huis van La Fontaine om planne te maak, wat nou di beste te doen,

Een van di ander gevangene, Winkelman, hoor toen skré: "Di Gouverneur is dood!" en hy skré toen oek: "Geen nood! Noodt is dood!" Dit was 'n téken ver di ander gevangene; hulle begin toen almal te skré: "Geen nood! Noodt is dood!" Ja om dit so uit te druk, al wat kon roep, skré uit. Idereen was bly dat di wreedaard dood was.

Toen di Raad enigsins tot hulle selwers gekom was, en di saak in o'erweging geneem het, het hulle 'n geméne doodkis laat maak, en in di Gouverneur syn huis gebreng, en syn slawe georder om di lyk daarin te sit net soos dit was. Di nag om 12 uur word daar 'n kleine deur van di kasteel wat in di ope veld uitkom, oopgemaak, en di slawe moes di lyk gaan begrawe op di plek wat ver hulle angewys word. Hulle word belet, en met di dood gedreig, dat hulle nooit an enig een mag vertel waar di lyk begrawe is ni. So is di saak verborge gebly, en dis mar 'n gissing, dat hy begrawe is op Pêrdeëiland ('n klein eilandtji in di Tafelbaai, naby di mond van Soutriviir).

Daarna moes di Timmermans 'n deftige kis maak van Indise hout, en soos dit klaar was, het hulle 'n prachtige begrafenis gehou met 'n lege kis. Mar gen mens het dit geweet ni, as net di Raad en di slawe. Naderhand toen dit uitkom, dat dit 'n lege kis is wat hulle begrawe het, sê di mense, dat di duivel syn lyk uit di kis gehaal het; want hulle het van di eintlike begraving niks geweet ni. Met di grootste eer word di lege kis in di kerk begrawe, onder gelui van klokke en gebulder van kanonne.

In di Museum an di Kaap kan 'n mens nou nog di leuningstoel siin waarin Gouverneur Noodt an syn einde gekom het.

So word di geskiedenis van Noodt verhaal in di meeste boeke, mar latere skrywers, soos mnr. Theal, beskou dit ver ni waar ni.

AGSTE HOOFSTUK.

DI KOLONI VOOR HONDERD JARE.

Jan de la Fontaine.—*A. van Kervel.*—*H. Swellengrebel.*—*Ryk Tulbagh.*—*Pracht en Praal Regulaties.*—*Kopermyne.*—*Pokkiis.*—*Opgaaf.*—*Dappere daad van Woltemade.*—*Van Plettenberg.*

Na di dood van Gouverneur Noodt word **Jan de la Fontaine** angestel in syn plek, in 1730. **Adriaan van Kervel** volg hom op in 1736, en regeer mar twé jare. Na hom kom **Hendrik Swellengrebel**; na hom is Swellendam genoem. Ons sal ni verder al di name van Gouverneurs wat makkaar opgevolg het noem ni; mar net van di vernaamste persone en sake wat vertel.

Na di Hugenote is hiir ni weer immigrante angekom ni. Dit lyk of di Maatskappy dit ni bra wou anmoedig ni; omdat hulle bang was dat di Koloni dan te sterk sal worde, en dan kan hulle ni meer met di Boere maak soos hulle wil ni. Net mar di mense wat in diins was van di Maatskappy, kry plase as hulle tijd uitgediin is. So het di bevolking ni sterk toegeneem ni.

Lanksaam word di Koloni daarom al groter. Di Boere trek altyd diper land-in. In 1737 word daar al plase an di ander kant van Piketberg uitgegê, en di Gamtoos Rivier was toen di Oostelike grens, wat di Koloni van Kafferland afskei.

RYK TULBAGH.

Een van di vernaamste en mees geagte Gouverneurs wat di Koloni ooit gehad het, was **Ryk Tulbagh**. Hij was eers soldaat. Twintig jare lank—van 1751 tot 1771—het hy di Koloni geregeer, en algar was met syn regering tevrede. 'n Franse skrywer o'er di Koloni sê van hom: "Hy het 'n opregte, regvêrdige, en medelydende hart gehad." Hy het oek goed kan orde hou. Hy was 'n grote vyand van prag en opskik. Hy was nes 'n vader o'er di land en won hê dat di mense almal nedrig en eenvoudig moes lewe. Daarom het hy di "Pracht en Praal Regulaties" (wette teen pronkery), wat een van di Hollandse Gouverneurs in Indi'e opgestel het, hiir oek ingevoer. Daarin word alle prag en weelde verbiid en elkeen word voorgeskrywe om na syn stand te lewe.

Om nou ons lesers enigsins 'n gedagte te gê, hoedanig di "Pracht en Praal Regulaties" was, sal ons hiir 'n paar artikels daaruit anhaal. Mar eers moet ons 'n korte beskrywing gê van di toestand van di mense in di tyd.

Daar was toen viir "Opperkoopmans," namelijk, di Gouverneur, di Onder-Gouverneur, di Fiskaal, en di Kommandant van di Kasteel. Di viir, same met di Sekretaris van di Raad, di Versorger-Generaal, di Pakhuismeester, en di Winkeliir, was di lede van di "Hooge Raad van Staat," van di "Uitvoerende Raad," van di "Wetgevende Raad," en van di "Hooge Geregshof." By di laaste was di Gouverneur en di Onder-Gouverneur amper nooit teenwoordig ni, en dan was di Kommandant van di Kasteel voorsitter. Dit was di eerste klas mense van di da'e.

Dan volg di tweede klas, of "Onderkoopmans." Di was 'n heel party gewees, bestaande uit dertig offisire, waaronder was di Sekretaris van di Geregshof, Luitenants van di Leger, di Rekenmeester, Assistent-Fiskaal, di lede van di Munisipaliteit, di Kommandante van di staande krygsmag, di predikant en di landroste van Stellenbos en Swellendam. Di twe was toen di ho'ere klasse. Daar was verder 9,000 wit mense en 8,000 slawe. So dat 'n klein klompi mar onder di ho'ere klasse behoort het.

Artikel 4 van di "Pracht en Praal Regulaties" sê, dat elkeen, sonder onderskeid, syn rytuig moet stil hou en moet uitklim as hy di Gouverneur sien ankom; en dat elkeen moet op sy draai as daar 'n rytuig van e n van di lede van di Staatsraad moet passeer.

Artikel 6 laat toe dat 'n Onderkoopman, en di van di Boere wat net so hoog is, en di vrouens en dogters van di wat in di een of ander Raad is, of was, sambreels kan gebruik; mar gen ander man of vrou durf dit dra ni.

Artikel 7 verbied dat 'n man wat la'er is as 'n Koopman, met 'n oop sambreel in di kasteel mag inkom. Ver di vrouens apart word verbied, dat gen vrou, la'er as di vrou van 'n Onderkoopman, of wat onder di Boere gelyk met hulle is, mag sy-klere, met sy-bryding of borduursel, dra ni, oek ni diamante of edelgesteente ni. En ofschoon di Onderkoopmans hulle vrouens dit mag dra, hulle dogters mag hulle dit daarom ni laat dra ni. Al di vrouens, getrouwd of ongetrouwd, in di rouw of uit di rouw, word belet om 'n trein te dra, op straf van 25 riksdalders (£1 17s. 6d.) boete. Dan word nog verder beskrywe hoeveel bediindes en perde elke klas mag hê; di klere ver al di klasse, vernamelik ver bruids en hulle vrinde op bruilofte, en so voorts.

Met al di wette (wat in onse da'e ongerymd genoem word) was di mense in di tyd tevrede en gelukkig. Ja, hulle was so voldaan daarmê, dat hulle di tyd nog lank genoem het "di gou'e eeu van di Kaap-Koloni," en in di einde van di vorige eeu het di ou mense nog altyd met voldoening gepraat van di geluk en di voorregte onder Gouverneur Tulbagh syn vaderlike regering.

Dit was wel te wens dat daar 'n bitji meer van di eenvoudigheid, en nedrigheid, en opregtheid van di one mense by hulle kinders gebly het. Di mode is nou di god van onse eeu. En let mar op, net so vêr as di sogenoemde beskawing en di modes ingedring het in ons land, vlug di ou nedrigheid en gasvryheid en liefde onder di mense weg. Di dinge kan ni saam gaan ni.

Gouverneur Tulbagh het dan oek werkelik nut gedoen met di wet. Want menige boer het al begin om ver hom 'n mooi huis te bou, pragtige huisraad te koop, en 'n menigte slawe te hou. Party het seker 'n bitji te vêr gegaan, en toen in 1756 en 1757 di sware droogte kom, moes 'n menigte wat ver ryk deurgegaan het hulle plase en huisraad en slawe en alles verkoop. Onder di omstandighede het Tulbagh hom regte bemind gemaak onder di mense. 'n Menigte wat sonder hulle e'e skuld in moeilikheid gekom het, het hy gehelp met geld te gé, en op ander manire.

Ver di belange van di Maatskappy het hy oek goed gesorg. Om di kopermyne, wat in Van der Stell syn tyd ontdek is, nader te ondersoek, het hy 'n geselskap uitgestuur van 17 wit mense, en 68 Hottentotte, met 15 wa'ens, ider met 10 osse, dan nog los osse, ryperde, skape, ens. Di tog was onder di leiding van Hendrik Hop, en het geduur van 16 April 1761 tot 27 Juli 1762. Hulle moes oek di landkaart verbeter; daarvoor is di landmeter Karel Fr.

Brink megegaan. Hulle is gegaan tot in Groot-Namakwaland. Mar gebrek an hout en andere besware was in di pad om daar mynwerke an te lê.

In Tulbagh syn tyd was di *pokliis* twemaal an di Kaap. Voor di tyd was dit oek al eenmaal hiir, in 1713; mar ni so erg as nou ni. In 1755 is hiir omtrent 2,200 an gestorwe, groot en klein te same. Tiin jare later kom di plaag w'er; mar nou ni so hewig ni. Verder het hulle toen beter begin op te pas en oek in te ent; so dat dit naderhand ni meer sulke verwoestinge angerig het ni.

Dit sal mo'entlik ni onbelangrik wees ver ons lesers om te weet hoe dit hiir was voor ruim 100 jaar gelede. Daarom sal ons, terwyl ons juis in di tyd is, 'n korte opgaaf gé van di toestand van sake in di tyd. Di inkom's van di Koloni was van £14,000 tot £17,000 per jaar, en di uitgaaf tot £50,000; mar daar kom natuurlik by al di onkoste om di Hollandse skepe, wat hiir ankom te voorsien. Al di handel was in di hande van di Maatskappy. Ruim 6,000 l'ers wyn, en 175,000 mudde koor'n was di jaarlikse opgaaf. Di h'ele oes was al jare omtrent £100,000 w'erd. Elke skip wat hiir ankom moes £16 13s. 4d. betaal ver ankergeld, en deurenbank kom hiir 12 in 'n jaar an. Daar was in di tyd nog gen brugge of harde wege, en hoe ongemakkelik dit oek was, di boere trek nog mar altyd dip'er land-in. In di jaar 1754 het di Maatskappy 'n baken gemaak by Zwartkops Rivier, en dit bepaal ver di Oostelike gr'ens van di Koloni.

Gouverneur Tulbagh is gestorwe in 1771, nadat hy di liefde van almal ge'ven het. Ja so bemind was hy dat zijn begravenis 'n paar da'e word nitgestel, dat di buitemense dit kan bywoon. Hy word op'evolgt deur Baron **Joachim van Plettenberg**.

In 1761 het Joachim van Dessin wat byna 'n kwart 'n sekretaris was van di weeskamer, 'n geskenk nagelaat van £208, ver di rente waarvan boeke moes gekoop worde en moes versamel worde in 'n kamer naas di Kerk. Di versameling is nog te vinde in di publike billiotheek an di Kaap, en is bekend onder di naam van **Dessiniaanse bibliotheek**.

In 1755 het di Engelse skip **Doddington** gestrand op di Vo'el Eilande in Algoa Baai. Uit 200 mense word net omtrent 23 gered, wat ver hulle 'n klein skuitje maak en veilig in Delgoa Baai anker gooï.

WOLRAAD WOLTEMADE.

'n Dappere daad van 'n eenvoudige man moet ons hiir vertel. Toen di dag anbreek op di eerste Juni 1773, waai daar 'n vreeslike noordewind an di Kaap. 'n Skip van di Maatschappy, "*De Jonge Thomas*," ruk los van di anker, en word deur di onstuimige branders stukkend geslaan dig by Sout Rivier. Verskrikkelik was di geskreeu van di arme mense, en di s'e was so onstuimig dat nimand dit durf wa'e om te gaan help ni. Di wat nog kon swem, of wou perbeer om op planke uit te kom, word deur di stroom weggesleep, op di klippe gekneus en verpletter. Soldate, matrose, almal loop toe; mar om di arme mense te redde skyn onmo'entlik en menselike kragte te bowe te gaan. Almal was sonder raad. Daar kom **Wolraad Woltemade** te p'erd an. Hy was mar 'n eenvoudige man. In di briwe van di Gouverneur word hy *melkboer* genoem, en in ander geskifte van di da'e heet hy *oppasser* van di Compagniestuin. Hy siin hoe 'n menigte van tyd tot tyd in di skuimende golwe begrawe word, en hoor hoe hulle vernit om hulp smeek. Almal moes omkom.

Di gedagte kan syn jammerhart ni verdra ni ; hy wil perbeer of hy ni, al was mar 'n paar, kan red ni. Hy stuur so syn pèrd sé-in, en laat swem na di skip toe, en skré ver hulle dat 2 of 3 an di pèrd syn stert kon vashou. Hulle doet dit en hy breng hulle so nit. Nog sesmaal ry hy in, en breng ider maal 2 of 3 nit. Nou is hy en syn pèrd stok flou. Hulle moes 'n bitji rus. Mar nog mar min is gered. 'n Menigte worstel nog met di dood. Di orkaan is nog ewe woedend. Woltemade vergeet syn eie toestand en denk mar net an di arme mense wat daar omkom. Nog eens stuur hy syn pèrd in di sknimende water; nog eens spring 'n party o'er boord om uitgehelp te worde. Mar ongelukkig gryp een in syn doodangs di pèrd bij di teu'el en trek so syn kop onder water. Dit kon di afgematte diir ni hou ni. Daar sink Woltemade met syn pèrd en di armé mense wat hy won red onder di water en verdwyn : 134 mense verloor hulle lewe en daaronder di kaptein De Lamaire.

Di Gouverneur Van Plettenberg was regte koel omtrent di dappere daad van Woltemade; hy het niks gedaan om so 'n edele stuk in gedagtenis te hou ni. Mar toen di Maatskappy dit hoor, het hulle dadelik 'n besluit geneem, om één van di skepe wat hulle besig was om te bou, te noem *De Held Woltemade*, en di gebeurtenis op di spigel te laat afskilder; en an di wedewe van Woltemade het hulle 'n ansiinlike persent gegê.

NEGENDE HOOFSTUK.

'N NUWE STORM.

Onrêgêrdige verbanning.—Buytendag.—Onvergenoegdheid.—Afgevaardigde na Holland met klagtes.—Nuwe vervolging.—Nuwe klagtes.—Uitspraak van di Maatskappy.

GOUWERNEUR VAN PLETTENBERG, 1771—1785.

Van Plettenberg was ni Ryk Tulbagh ni, en net nou breek daar nuwe onluste uit; nuwe klagtes word na Holland toe gestuur. Dit het so gekom.

Di Kaapse Regering het gemeen om in syn voordeel te werk om mense, wat hulle om di een of di ander rede graag uit di pad wil hê, so mar te pak en na Batawië of na Holland te stuur, of as matroos of soldaat op 'n skip te plak.

Di onrêgêrdige handelwys word al erger en erger. In Tulbagh syn tyd is in twintig jare (1751—1771) mar tiin persone op di manier uit di Koloni geban. Mar onder Van Plettenberg is in ag jare agtiin so behandel.

Op di 20ste Jannewari 1779, word 'n boer, Buytendag, so mar uit syn huis gehaal, geboei o'er straat gesleep, en as soldaat na Batawië gestuur. Dit is gebeur op las van di Independent Fiskaal Boers. Di rede wat hy opgê ver di handelwys was: 1. 'n Klagte van Landdrost en Heemraden van Stellenbos, van omtrent 3 jaar gelede; 2. dronkenskap en mishandeling van vrou en kinders, waaran Buytendag hom sou skuldig gemaak hê. Mar di bewyse daarvoor kan hy ni lewer ni.

Di onvergenoegdheid begin nou openlik uit te breek by Burger rade, Landdroste en Heemrade. 'n Lasbrief werd deur 'n menigte onderteken, om viir koloniste las te gé, om hulle klagtes an di "Bewindhebbers" van di maatskappy te gaan voorlé. As "Speciaal Gecommitteerden, van Burger- en Heemraden, as gesamenlyke representanten van den geheelen Burgerstaat van Cabo de Goede Hoop en den ressorte van dien," word op di 7de Mei daartoe benoemd *Jacobus van Reenen, Barend Jacob Artogs, Tielman Roos en Nikolaas Godfried Heijns*.

Allerhande verklarings word opgesamel en geteken, waarin di hogere en lagere ambtenare van di Maatskappy beskuldig word van knoeiery, en smokkelery en misbruik van hulle mag. Di vernaamste klagtes kom hiirrop neer:—

- (1) Dat, teen di uitdrukkelike verbod van 1706, veertig jare later weer herhaald, di ambtenare van di maatskappy mar bly vortgaan om handel te drywe.
- (2) Dat di ho'ere ambtenare grote plase hou, en vé, wyn en koornboerdery drywe, en di opbrengs ten duurste an di maatskappy verkoop; en dan weer Europese en Indise goed, ver hulle rekening, met growe wins, an di koloniste verkoop.
- (3) Dat hulle di soldate en matrose, wat in diins van di maatskappy is, nitstuur onder di boere om te gaan werk ver hulle kos en dan nog ver hulle 'n deel van di geld te breng wat hulle verdiin het; en in di tussen tyd word mar nog al dag op di boeke opgebreng hulle kos en klere en huur, en dit steek di ambtenare in hulle sak.

- (4) Dan vraag hulle nog in di klagte om 'n drukpers, of ten minste om kopy van di Hollanse wette, so dat hulle self kan siin wat di wet is.

Di Kaapse Gouwerneur het alles gedoen wat hy kan om di vertrek van di viir afgesante op te hou. Mar meer kon hulle oek ni doen in. Op di 16de October 1779 word di memori van klagtes, met 'n menigte verklarings en bewyse, deur di viir afgesante by di "Kamer van Zeventien" ingediin. Dadelik word di stukke tot verantwoording na di Gouwerneur en syn Raad an di Kaap gestuur.

Pas het di regering di klagtes ontvang, of hulle bezin di ondertekenaars te vervolge. Dit was di oorsaak van nuwe klagtes, wat dadelik weer beskrywe en na Holland gestuur word. Twé soldate, Bramerloo en Wiekert, het hulle veral gou vervolg. Di twé was juis in di diins van di boere, en omdat hulle goed kon skrywe, het hulle di boere gehelp om nuwe verklarings op te stel. Dit word bekend. Hulle werd gepak en dadelik na Batawië gestuur.

Di vorige memori van klagtes het nog di Gouwerneur ontsiin, maar di nuwe spaar ver Van Plettenberg ni. Hy word beskuldig, dat hy syn andeel gehad het in al di onwettige winste. Dan word vertel dat hy ver hom 'n huis laat bou het, di boustof en ambachtsmans almal van di maatskappy, en dat hy di huis toen verkoop het ver £4.050. En nog 'n menigte ander klagtes teen di ambtenare. Di memori word in April 1782 aan di "Bewindhebbers" van di maatskappy voorgelê.

Dit duur ni lank ni of daar is al weer 'n nuwe klagte en 'n nuwe memori word geteken. Dit was op di 14de Desember 1784, en vernamelik teen di nuwe Independent Fiskaal J. J. Serrurier, Boers syn opvolger. Di klagte kan ons mar stil verbygaan, omdat daar niks nuws in is ni; dis mar weer di eïenste ou klagtes o'er.

Di antwoord van Van Plettenberg en Boers op di eerste klagte, met 'n menigte teen-verklarings, word opgestel in Maart en April 1781. Eers in Februar 1782 werd di antwoord van Fiskaal Boers, en in Augustus, 1782, di van Van Plettenberg deur di maatskappy ontvang. Net so lanksaam het dit in Holland gegaan om di saak af te handel. Eers in Juli 1783 word di saak uitgemaak.

In hulle antwoord wou di ambtenare di klagtes 'n bitji versag. Byvoorbeeld, hulle het handel gedrywe—dit kon hulle ni ontken ni—mar hulle moes dit doen omdat hulle te min traktament kry. Hulle het plase en boerdery—ja, dit is waar—mar dit was ver eï'e gebruik. Hulle het wat o'er was an di Maatskappy verkoop—dit erken hulle—mar wat sou hulle anders daarmé doen. En so meer.

Dit uitspraak van di Maatskappy het so lank uitgebly, dat 'n heel party van di ambtenare wat angeklaag was, al uit di diins was. Sels di Gouwerneur het al nou syn ontslag gevra, en erken dat hy ni in staat was om di sake reg te kry ni. Hy het dit egter syn plig gereken, terwyl daar in Europa in di tyd oorlog was, om op syn pos te bly, tot di Maatskappy hom ontslaan.

Di beslissing van di Maatskappy op di klagtes, met al wat daarby behoer, was geteken di 28ste Juli 1785. Daarin word bepaal, dat nimand wat in diins van di Maatskappy is plase mag hé, of hull met enig soort van boerdery mag bemoei, of enig iits an di Maatskappy mag verkoop ni. Om kort te gaan, in

al di punte het di Maatskappy getoon dat hulle dit goed meen met di koloniste.

In 1779 ondek kolonel **Gordon** di Oranje rivier. Hy noem dit toen na di stadhouder van Holland, di Prins van Oranje.

In 1780 proklameer Gouverneur van Plettenberg di **Groot Vis** rivier di Oostelike grens van di Koloni.

TIENDE HOOFSTUK.

GERUGTE VAN OORLOG.

England verklaar oorlog teen Holland.—Di Kaapkoloni is sonder verdediging. Hulp van di Franse.—Admiraal de Suffren.—Johnstone neem 4 skepe in Saldanhabaai.—Kordaat-stuk van Staringh.

Heeltemaal onverwags verklaar Engeland oorlog teen Holland, an di einde van 1780. Di Hollanders was gaar ni klaar daarvoor ni; want hulle was toen op 'n goeje voet met di Engelse, en dan het Engeland toen oek oorlog gehad met syn opstandige koloniis in Noord Amerika. Maar di Hollandse skepe wat met grote skatte van Indië af kom was te veul, en di Hollandse koloniis was in 'n al te slegte toestand van verdediging; so dat Engeland gereken het om met di oorlog miljoene ponde buit te maak. Mar veral di Kaap-koloni, was ver Engeland regte begeerlik ver di handel met Indië. Daarom oek dat 'n Engelse reisiger van di tyd (*H. Rooke*) dit so wenselik noem ver Engeland om di Kaap af te neem van di Hollanders. Hy voeg daarby: "Half-pad tussen Europa en Indië gelege, is dit di beste plaas ver di skepe om an te gaan om in te neem wat hulle nodig het; di klimaat is gesond om di sike daar af te sit," ens.

GENERAAL JOHNSTONE.

An di ander kant word Engeland opmerksaam gemaak op di toestand waarin di Koloni toen juis verkeer het. 'n Engelse "kruidkundig," *Patters on*, was 'n hele tyd in di Koloni, en was bekend met di ontevredenheid van di koloniste met di Regering hiir en met di slegte staat van verdediging waarin Tafelbaai, Baai-Fals, en Saldanhabaai was, en hoe min soldate hiir mar was. Hy het al di dinge in Engeland bekend gemaak, en is oek mégekom met Generaal **Johnstone**, wat gestuur is van Engeland af met 'n party oorlog-skepe om di Kaap te kom neem, en di Hollandse skepe op te pak,

Dit staan toen mar net sleg met di Koloni; ongewaarskuwd en onvoorbereid, kon dit ni mis ni of dit moes in di hande van di Engelse val. Mar gelukkig, uit Franryk kom di waarskuwing. 'n Franse skip kom hiir an in Maart 1781 en bring 'n brief van di "Nederlandse Gesant te Parys," dat Engeland in Desember 1780 teen Holland oorlog verklaar het.

Wat nou gedaan? Goeje raad was duur. Daar was mar min kans om di Koloni te verdedig. Hiir was gebrek an manskappe en an ammuniisi; di batterye en kanonne was mar sleg; alles was deurmakaar. En ider dag kon hulle di Engelse oorlog-skepe verwag.

Onder di omstandighede kon 'n mens siin, hoe veul di boere ver di Koloni o'er had. Al was hulle so verdruk en vervolg deur di ambtenare, toen hulle opgeroep word om di Koloni te verdedig teen di Engelse, kom di laaste een op. Mar di soldate was mar 400 man en daarvan moes nog 'n party na Simonsbaai gaan, onder kaptein Van Heiden. Vé, kaononne en bannelinge word van Robbeneiland af Kaap toe gebreng. Di skepe wat in Tafelbaai was word na Saldanhabaai en na Houtbaai toe gestuur ver veiligheid.

Enige weke bly dit so, in eene onrus. Eindelik kom daar hoop op hulp. Op di 20ste Mei kom hiir 'n Franse skip an met di tyding dat daar Franse skepe met troepe ankom om di Koloni te kom help. Dit maak wel di vrees minder, maar neem dit ni weg ni. Dit is eers gebeur op di 20ste Juni.

COMMANDEUR DE SUFFREN.

Groot was di ontsteltenis toen di vlagman op Leeukop di morre di sein gé dat daar 14 oorlogskepe in gesig was. Alles was nou in rep en roer. Kort daarna blyk dit, dat di Franse skepe was onder Commandeur **De Suffren**, en di ander dag gaan hij met syn skepe Simonsbaai in. Hulle bring di berig, dat hulle op di 16de April by di eiland Sint-Jago, in Porto-Prayo, 'n Engelse vloot van 6 oorlogskepe en nog 'n party ander skepe ontmoet het. De Sufferen begin so mar te vuur, en dit het 'n hewige geveg afgegé. Van weerskante het hulle groot verliis gely. Een van di grootste Franse skepe het baing gely, twé Franse kapteins, De Frémignon en Cardillac, is geval, sodat hulle b's gedag het om na di Kaap te kom en di Koloni te kom help verdedig.

De Suffren het dadelik so veul van syn soldate as hy kon mis op land gebreng om di Kaap te verdedig. Oek met ammunisi het hy di Gouverneur gehelp. So dat Tafelbaai en Simonsbaai albei klaar was ver di Engelse. Mar daar word ni van di Engelse weer gehoor ni vóór di eerste van di volgende maand, omdat hulle eers di skade wat hulle gely het, weer moes verhelp.

Op di 21ste Juli verskyn in di gesig van Saldanhabaai 30 Engelse skepe, wat al reeds bekend was met hulle gesteldheid. Di skip "De Held Woltemade" met 276 man was oek van Tafelbaai af ver veiligheid daarnatoe gestuur; mar met las om teen di einde van Juni daarvandaan na Ceylon te seil. Op di 28ste Juni seil di skip uit en 'n paar da'e daarna raak hulle onverwags in di middel van di Engelse skepe, en natuurlik in hulle mag. Op di manier hoor Johnstone toen hoeveel Hollanse skepe daar in Saldanhabaai was met 'n menigte goed, en ongewapend. Dit was 'n fluks buit, en dadelik gaan hy daarnatoe! Op di 21ste Juli kom Johnstone met di **Franse vlag** di baai in. Natuurlik di Hollanse skepe is gerus, want hulle denk gen kwaad van di Franse ni. Soos Jonstone na genoeg was set hy de Engelse op en ne-m al di skepe, sonder moeite. Di Hollanders won nog in di haastigheid perbeer om di skepe op strand te bring en an brand te steek. Mar daar was gen tyd ni. Hulle moes so alles in di steek laat en vlug te vo't, na di Kaap toe. En so val di skepe en alles in di hande van di Engelse.

Dus siin ons dat di Engelse van di vroegste tye al sk-lms was.

Dit was natuurlik 'n geweldige opskudding toen di tyding an di Kaap kom. Van Plettenberg kommandeer dadelik al di weerbare manne op, en di laaste man trek op. Saam met di Franse soldate was daar an di Kaap en Simonsbaai nagenog 3,000 man onder di wapens. Sware noord-weste-wind, ver enige da'e, bring di Hollanders op di gedagte dat di Engels skepe sé-in, en vertrokke was, en dat di gevaar nou verby is. Op di 10de Augus word di gewapende koloniste almal huis-toe gestuur. Party was oek al 'n bitji ontevrede om langer van huis af te bly omdat di gevaar nou verby was, en hulle belooft om enig dag klaar te wies as hulle weer opgekommandeer word. Toen di end van Augustus vertrek di Franse skepe oek na Mauritius en Ceylon.

STARINGH.

Of di "Equipagemeester" **Staringh** (o'erste o'er di skepe), nou al skuld gehad het daaran dat di skepe in Saldanhabaai in hande van di Engelse geval het of ni, een ding is seker, enige maande daarna het hy een van di dapperste dade gedoen wat nog ooit an di Kaap gebeur is. In Jannewari, 1782, kom hiir 'n Deense skip in di Tafelbaai in, en Staringh gaat dadelik an boord om, soos gewoonlik, te ondersoek waarnatoe di skip gaan en wat daar op is. Omdat hy gedagte gehad het, dat di skip ver Engelse rekening gelaai was, maak hij vooraf 'n afspraak met di kommandant van di sé-battery, om ver hom klaar te hou om te vuur, soos hy di sein gé.

Toen hy di skip ondersoek het, siin Staringh dat syn gedagte reg was. Hy gé toen las an di Kaptein Fuglede om di skip nader na di wal toe te bring. Di kaptein merk toen oek onraad, en gé las an di matrose om di anker te lig en uit te seil. Hy wou Staringh as gevangene méneem. Mar Staringh oek ni links ni, gé so di sein, en di battery begin te vuur. Met dreiemente en mishandeling wou di kaptein ver Staringh dwing om 'n teken te gé dat hulle moes ophou met skiit. Staringh wil ni. Hulle maak hom toen om di mas vas voor di ko'els, o n hom daarmé bang te maak. Mar né,—wi sé?—hy hou vol. Di kaptein word toen bang, dat hulle syn skip in di grond sal skiit, draai toen om en gé hom o'er. Di lading word, as Engelse eiendom, afge- neem en di skip terug gegé.

ELFDE HOOFSTUK.

PLANNE VAN VERBETERING.

Van De Graaff,—voer di uitspraak van di Maatskappy uit,—bou batterye,—vind teenwerking.—Slegte toestand van di Maatskappy.—V. D. Graaff teruggeroep.—'n Kommissi benoem.—Sluysken.

Teen di einde van 1783 moes di Maatskappy 'n ander Gouverneur anstel in di plek van Van Plettenberg. Dit was nog in hulle gedagte hoe min dit geskeel het of hulle was di Koloni kwyt. Daarom het hulle hulle, besgedaan om 'n man te kry wat di Koloni in 'n beter toestand van verdediging kon breng. Di man was **Cornelis Jacob van de Graaff**, "Luitenant Kolonel Ingenieur ten dienste van den staat, en Controleur-Generaal van de Hollandsche fortificatien." Omdat di laaste Gouverneur gekla het, dat syn traktement te klein was, besluit di Maatskappy om by di gewone traktement (£1,150), nog net so veel by te gé as "extraordinaire gratificatie;" daarby gé hulle hom nog di belofte, as hy wil terug kom na Holland, dat hy weer as Luitenant Kolonel Ingenieur sal angestel worde.

In di begin van Fewerwari 1785 het hy syn betrekking as Gouverneur van di Kaap anvaar. Hy was deur en deur 'n knap man en hy het syn besgedaan om di koloni te verbeter. Mar di arm man het baie moeilikhede gehad.

Eers het hy te doen gehad met di Boere. Hulle was mar nog al di tyd ontevrede. Hy begin toen eers om di onvergenoegdheid weg te neem, en di boere gelyk te gé, vollens di uitspraak van di Maatskappy. Di uitspraak het hy oek mar eers ontvang teen di einde van 1785. Toen was di boere tevrede. Mar nou was di ambtenare weer almal opstandig teen hom, omdat hy ni langer ver hulle di vrye teu'el wil gé, om te maak soos hulle wil ni. Mar daar het hy ni om gegé ni, ofskoon dit gemaak het dat hulle naderhand slegte rapporte van hom na Holland toe gestuur het, soos ons later sal siin.

Mar waar hy hom veral op toegeleg het was, om di koloni te versterk, as daar mag oorlog kom. Daarin het di Kolonel Gordon hom goed gehelp. So het hy dadelik begin om di oue batterije te verbeter en nuwe te bouw an di Tafelbaai en Simonsbaai.

"Al di nuwighede," soos hulle dit genoem het, was mar min na di sin van di ambtenare. En dadelik begin hulle te skrywe na di Maatskappy in Holland, dat Van de Graaff onnodig 'n menigte geld verkwis. Ongelukkig staan dit toen oek net so sleg met di geld-sake van di Maatskappy, so dat hulle hom ni genoeg geld kon stuur (of wou stuur) ver di nodige, mar kostbare werke wat hy begin het ni. Di woelinge in 1786 en 1787 in Holland maak dit oek ni beter ni.

Van de Graaff syn toestand word al moeiliker. Di Maatskappy was ni voor hom ni, omdat hy te veel geld opmaak; di ambtenare is almal te'en hom, omdat hy di Boere gelyk gegé het; en di koloniste self het hom oek ni genoeg ondersteun ni.

Di bevolking neem ondertussen fluks toe—di Boere trek al dipër land in, en di distrik Graaff-Reinet word nou angeleg. Dit heet na Van de Graaff en syn vrouw Reinet.

Met di geld-sake van di Maatskappy gaan dit mar nog al slegter. 'n Commissi in Holland wat di sake moes ondersoek gé di raad om di uitgaaf van di Koloni twéderdes minder te maak. Van de Graaff het toen al grote onkoste gemaak met di batterye wat hy gebou het en meer soldate wat hy laat kom het. Dit keur di Maatskappy af. Dit lyk of hulle regte gon vergeet het dat di Koloni 'n paar jaar gelede al amper in di hande van di Engelse was. En ongelukkig ver ons Koloni, di man wat so veul gedaan het om di Kaap en Simonsbaai te versterk di man wat order en reg in di land herstel het, di man word deur di nydige ambtenare gedurig onskuldig angeklaag van verkwisting, en deur di (verkeerd) suinige Maatskappy teruggeroep op di 2de Oktober, 1790, onder voorgewing "om van hem de noodige informatie en ophelderingen te ontvangen, omtrent de gesteldheid van zaken aan de Kaap en de Direktie aldaar sedert zijne aankomst."

Pas was Van de Graaff weg uit di Koloni uit of hulle begin weer op di onvoet. Di tydelike Gouverneur Rhenius het mar laat loop soos dit wou. Om di uitgaaf minder te maak, stuur hulle di meeste soldate weg hiir vandaan af na Java en Ceylon toe. Di ambtenare begin weer di ou slag om te'en di wette van di Maatskappy, op alle manire hulle sakke te vul en di Boere te verdruk.

Di Maatskappy neem toen 'n besluit om 'n Commissi van twé "Commissarissen-Generaal" te benoem, om in di Koloni en in Indië di uitgaaf minder te maak deur besuiniging, en di ontrouwe ambtenare te straf. Daartoe het hulle ver **Nederburgh** en **Frykenius** uitgestuur. Op di 18 Juli, 1792, kom hulle hiir an, en bly hiir omtrent 'n jaar om alles te ondersoek, en vertrek toen na Java. Mar omdat hulle werk nog ni afgedaan was ni, het hulle ver **Sluysken** hiir laat bly as gevolmagtigde in hulle plek.

Om en om beskon lyk dit of hulle mar min uitvoer het. Di ambtenare en di Boere was gen eea te vrede met hulle handelwijs ni.

TWAALFDE HOOFSTUK.

DI ENGELSE NEEM DI KOLONI.

Oorlog in Europa.—Di Engelse Admiraal Elphinstone in Simonsbaai, vorder dat di Koloni in syn bewaring sal gegê worde.—Gesprek met Generaal Craig.—Engelse Proklamasi.—Lafhartigheid van di Hollandse Regering en soldate.—Dapperheid van di Boere.—Muizenburg verlore.—Algemene aanval van di Engelse, 14 Sept. 1795.—Di Kaap o'ergegê.

Van di begin van 1795 word di nuws uit Europa al slegter. Frankrijk was nou in oorlog met Holland. Naderhand kom daar amper gen tyding meer ni, en al dag kon hulle di Franse verwag om di Koloni te kom neem. Hiir was mar min kans om te verdedig. Al di soldate saam wat hiir was, was mar skaars duisend.

COMMISSARIS SLUYSKEN.

Reeds had di Commissaris **Sluysken** orders gekry van di Maatskappy in Holland om op syn hoede te wees, “om door geen Europeschen vyand, *wie die ook zoude mogen wezen*, overvallen te worden, alzoó het volstrekt niet te voorzien was, welke wending de zaken in Europa zouden nemen.” En werkelijk nog in di begin van 1795 was Holland o'erstroom van di Franse soldate, di “Erf-Stadhouder” was met syn famili gevlug na England toe, en Holland was 'n bondgenoot van di Franse Republiek gemaak. So was England van 'n vriend tot 'n vyand van Holland geworde.

Di Engelse Gouwerment het gou geweet om voordeel te trek van di verblyf van di “Erf-Stadhouder” in England. Hulle het hom o'ergehaal om 'n anskrywing an di Gouwerneurs van di Hollandse koloniis te teken, “om in de koloni Engelsche troepen te admitteren” (toe te laat), en evenzeer de Britsche oorlogschepen, en dezelve te considereren (beskou) als troepen en schepen van eene mogendheid, die in vriendschap en alliantie (betrekking) is met hun Hoogmogenden (de Algemeene Staten) en die komen om te beletten, dat die koloni door de Franschen worde geïnvadeerd” (o'erval). Voorsiin van 'n sodanige anskrywing, bestem ver di Kaapkoloni, kom di Engelse Vice-Admiraal **Elphinstone** met 9 skepe in di loop van Juni 1795 Simonsbaai in.

Vollens di anskrywing van di “Erfstadhouder” gé Elphinstone voor dat syn koms as vrindskappelik moet beskou worde, en biid an, om di bestuur van sake op di oue voet te laat bly, terwijl hy sou sorg dra ver di betaling van di soldate en ver di uitvoering van di wette. So ver klink nog alles regte mooi. Mar nou kyk di aap uit di mouw; di agterste draai is: “alle handel met Holland en met de Hollandse Etablissementsen zou moeten ophouden.” Voeg nog hiirby dat di anskrywing van di Erfstadhouder te Kew in England geteken was op di 7de Febwerwari 1795, en dan is dit duidelik genoeg te siin wat di bedoeling van di Engelse was. Dit was niks anders, as om op 'n slinkse manier di Koloni in hande te kry. Want di Engelse Regering werk mos mar graag met 'n slag om di ellenboog, soos ons nog meer keer sal siin.

Sluysken, in plaas van op syn ei'e houtji te werk te gaan, soos hij reg gehad het as Commissaris, roep al di hoge ambtenare van di Koloni saam in 'n

“Vergadering van den Raad van Politie.” Hulle tēken toen ’n allerbeleefste geskrif an di Engelse Admiraal, waarin hulle verklaar, dat hulle ni mag toelaat, dat gewapende manskappe an wal kom ni, en versoek daarom om “geen volk anders als ongewapend naar land te zenden en in zulke kleine getallen als mogelijk;” “zullende, bij onverhoopten vijandelijken aanval op deze koloni” —soos hulle verder sē—“de vryheid nemen te solliciteren (vra) om ons met de magt, welke Uwe Exc. commandeert, te adsisteren (help).” Ja, hulle het nog meer toegelaat, namelik, dat di kommandant van di troepe, Generaal **Craig**, sēlf na Kaap kon kom om mondelings te praat. Hij kom oek ’n paar da’e daarna, met ’n party van syn offisire. Di gesprek het op niks uitgesloot ni.

Mar Craig het di kans waargeneem om hom met di land tussen Simonsbaai en Tafelbaai goed bekend te maak, en di toestand van di Kaap goed af te kyk. En wi weet wat daar wel meer tussen di ho’e here plaas gevind het waar ons ni van weet ni? ! Let op later !...

In di byeenkoms het Sluysken ver Craig stellig angesē “dat men voorgenomen had de koloni te verdedigen tegen een iegelyk, di daarop een aanval mogt ondernemen.” Dit is met grote beleefdheid gedaan, en di Engelse is as vrinde onthaal geworde. Evenwel verander op di vollende dag al di mooie pratjiis van di Engelse. Dit is geskied deur ’n Proklamasie wat di Engelse onder di burgers en onder di soldate versprei het. Daarin word mar netjiis gesē dat “de Etablissements en Bezittingen der Hollandsche Oost-Indische Compagnie zullen worden aangemerkt als het eigendom te zyn geworden van Frankryk, en als zoodanig in beslag zullen worden genomen.” “Het Kaapsche GouVERNEMENT en de Burgery worden opgeëischt zich te stellen onder de protectie (beskerming) van Groot Brittanje.” Net of hulle al di Koloni verower het word mar netjiis di Hollanse troepe aangebode om in di Engelse diins o’er te gaan. “De particuliere eigendommen zullen worden beschermd, en de ambtenaren voorloopig in bunne bediening n gelaten.”

Di handelwys van di Engelse kan ’n mens ni anders beskou ni as ’n bepaalde oorlogsverklaring. Di Hollanse Regering het toen oek dadelik verbied om di Engelse skepe langer van vlees en andere dinge te voorsien. Di Engelse an di ander kant neem 4 Hollanse skepe, wat in Simonsbaai was, in besit; en twē Amerikaanse skepe wat van Holland af kom met briwe ver di Kaap en Indië het hulle beetgepak en di briwe afgeneem.

Ongelukkig kom dit nou uit, dat di bestuurders di tyd wat hulle gehad het glad ni gebruik het om di Koloni te versterk ni. Had hulle di batterye wat Van de Graaf an Simonsbaai gemaak het in orde gehad, dan kon hulle di Engelse lekker van di wal af gehou het. Mar wat nou? By di eerste aanval van di Engelse, laat hulle al di batterye in di steek en di soldate trek terug na di Kaap syn kant toe. Toen kon di Engelse vry land. En toen verder was daar niks as lafhartigheid by di Hollanse kommandante en soldate. Hulle retireer mar gedurig. Mar wi weet wat daar agter sit? !

In di buite-distrikte was di Boere opstandig. Hul sē di ambtenare verraa; di Koloni. Dit was oorsaak van ’n groot opstand, veral in Graaff-Reinet en Swellendam, waar Delpert en Pisany di Boere opgeroep het om op te trek en di Koloni te gaan verdedig teen di Engelse.

Baai-Fals en Simonsstad is nou al in di mag van di Engelse, en op di 7de Augustus trek hulle daar vandaan op teen di kamp van Muisenberg. Di “Luitenant-Kolonel” **Delille** was daar kommandant van di Hollanse soldate.

Dit was daar 'n nou'e poort waar di Engelse moes deur as hulle teen di Kaap wou optrek. 'n Handji vol soldate kon di Engelse belet hê om daar deur te kom. En di soldate van Craig was veel minder as di van Delille. En waarlik, soos di Engelse ankom, verlaat hy met soldate en al di onneembare sterkte, en vlug. 'n Klein bitji Boere wat daar was het nog bly staan om di Engelse te wys wat hulle kan doen met hulle ou bobbejaanboute en witbekke. Mar hulle was te min en deur di vlug van di soldate in verwarring geraak, so dat hulle op laas moes pad gé. Hulle het daarom 'n heelparty Engelse doodgeskiit, en 'n menigte gewond, en daaronder twé offisire, en di een nog al gevaarlik. Di Boere was natuurlik kwaad dat di soldate hulle so skandelik in di steek gelaat het, en veral ver Delille was hulle so kwaad en beskuldig hom van verraad en lafhartigheid, so dat di Kommissaris verplig was om Delille af te set en in arres te neem, om di Boere weer te vrede te kry.

Di mag van di Engelse was te klein om toen op te trek teen di Kaap. Hulle het hulle toen daar verskans en versterk, om te wag tot dat hiir meer soldate ankom. Want hulle weet dat daar nog Engelse skepe ankom.

So was daar 'n hele tyd stilstand an albei kante. Dit verveel di Boere gou. Hulle wou éénkeer uit veg en dan huistoe gaan. Hulle dwing toen di Kommissaris om Muisenberg te gaan anpak. Eers wou hy ni en naderhand soos hulle sou optrek, het hy 'n uitweg. Di Boere word toen al opstandiger. Hulle noem al di ambtenare verraaiers. Want dat di Engelse ni verder durf gaan ni, daaruit kon hulle al siin, dat hulle mag mar swak was en dat hulle hulp verwag. Eindelik di eerste September sou hulle Muisenberg anval. Toen dit op di tippi was wou di Kommissaris di soldate wat an di Kaap was ni laat optrek ni, onder voorgewing, dat daar Engelse skepe in Tafelbaai verwag word, en hulle moes bly om di Kaap te verdedig. Mar di Boere en di Hottentotts trek daarom op, en as di soldate hulle mar net 'n klein bitji wou gehelp het met di kanonne dan het hulle di Engelse di dag terug gedrywe na Simonsstad toe. Mar hulp van di soldate was daar ni en so was hulle verplig om dit op te gé, nadat hulle 'n party Engelse doodgeskiit en gewond het. Had di Hollandse soldate en kommadante op di dag hulle plig gedaan, dan het alle reg gekom. Hulle was ruim 3,000 man sterk. Dis seker meer as di Engelse. Daarby kom nog dat di Kommissaris heel goed geweet het, dat di Engelse versterking verwag. En waarlik, hulle bly stil sit en wag.

En wat gebeur? Op di 4de September kom daar 15 Engelse skepe, mes 3,000 soldate onder Generaal Clarke, Simonsbaai in. Hulle land dadelik en maak klaar om di Kaap an te val. Op di 14de September val hulle di Kaap op 3 punte an, en party skepe kom op diselfde tyd di Tafelbaai in, en vuur van di sé kant af. Di meeste Boere was al van tyd tot tyd huistoe gegaan, omdat hulle gesiin het dat daar tog niks an te doen was ni. Di Hollanders het dan oek net ver di naam 'n paar skote afgeskiit. Di "opperbevelhebber" Gordon het hom ni eens laat siin in di slag ni.

Di Kommissaris vra toen 'n wapenstilstand van 24 nur. Di Lede van di Raad, le Sueur en van Reyneveld, word na di Engelse gestuur met 'n voorstel om o'er te gé. In di vroe'e oggend van di 16 Augustus, 1795, word di "capitulatie" (o'ergaaf) geteken en di Koloni an di Engelse o'ergegé.

DE RTIINDE HOOFSTUK.

SEWE JARE ONDER DI ENGELSE.

Toestand van di Koloni.—Admiraal Lucas.—Jonker Afrikaner.—Van Jaarsveld.—Klaas Stuurman.

Dit sal ni kwaad wees om, nou di Koloni o'ergaat in di hande van di Engelse, 'n korte beskrywing te gé van wat di Anleg van di Maatskappy onder di Hollanse regering geworde is in byna anderhalwe eeu.

Met di o'ergaaf val in di hande van di Engelse omtrent 900 kanonne, 35,600 mud koorn en nog 'n menigte rog en gars wat in di pakhuse was, 534 Slawe van di Maatskappy, en natuurlik 'n menigte geld.

Di bevolking gaan moeilik om juis op te gé; mar dit kom tog naasteby hiirop neer.

			Wit Mense.	Bediindes.	Slawe.	Hotter tots.
Kaapdistrik	...	...	7,000	400	13,000	5,000
Distrik Stellenbosch	...	...	8,000	600	12,000	500
„ Swellendam	...	...	5,000	450	5,000	2,000
„ Graaff-Reinet	...	...	5,500	350	10,000	10,200
			25,500	1,800	40,000	17,700

Almal same 85,000.

Di vé word toen geskat op 1,500,000 skape, 300,000 beeste en 60,000 pérde. Di jaarlikse opgaaf was 9,000 tot 10,000 lè'ers wyn en brandewyn, 150,000 mud koorn en 75,000 mud gars, en nog 'n menigte hawer, rog, milliis, ens.

Di Engelse begin om di Koloni te versterk, want hulle was bang, dat di Hollanders ni tevrede sou wees ni dat hulle di Kaap in besit het. En hulle was reg.

ADMIRAL LUCAS.

Toen di Hollanders hoor dat di Kaap deur di Engelse geneem is, stuur hulle Admiraal **Lucas** met 9 skepe, en 2,000 man an boord om di Kaap terug te neem. 'n Franse vloot sou van Oos Indi'é kom om Lucas te help. Mar di dinge word ni goed bestuur ni. Toen Lucas an di Kaap kom was di Franse nog ni hiir ni, en hy gaan anker in Saldanha baai. Toen di Engelse dit hoor, stuur hulle di skepe na Saldanha baai, en Generaal Graig gaan oek in diselfde rigting met di soldate. Toen Lucas di ander dag wakker skrik, was hy tussen twé vure; an di land-kant was di Engelse soldate, an di sé-kant, was di Engelse skepe. Hy kan niks anders doen as oergé, en di Kaap bly in di hande van di Engelse.

Jonker Afrikaner gé nou di koloniste baing moeite. Hy was 'n Hottentot. Nadat hy syn baas vermoor het, gaan hy met 'n bende Hottentots na di Oranje riviir toe, en steel 'n menigte beeste van di Boere. Baing pogings word angewen om hom te vang, mar net verniit. Op syn ou'edag het Afrikaner 'n Gristen geworde, en word toegelaat om in vrede te lewe.

In 1798 bedank **Lord Macartney**, wat in 1797 Gouwerneur geworde het, ver syn betrekking as sodanig. Generaal **Dundas** kry nou di Regering in

hande. In di tyd rebelleer 'n man, genoem **Van Jaarsveld** teen di regering. Generaal Van de Leur word na Graaff-Reinet gestuur om di opstandelinge te onderdruk. Dri van di leiders word tot di dood veroordeel, mar di vonnis word ni uitgevoer ni.

KLAAS STUURMAN.

Van de Leur was nog ni weg van Graaff-Reinet ni, of 'n Hottentot, **Klaas Stuurman**, met 'n menigte andere Hottentots staan op teen hulle base, en begin di vé te steel en mense te vermoor. Daar was oek 'n opstand onder di kaffers. Stuurman verenig hom met di kaffers, en hulle plunder gesamelik di Boere, totdat hulle by George kom. Daar word hulle deur di Engelse croepe oerwin. By di Gamtoos riviir het hulle in anraking gekom met 'n kommande Boere, onder **Tjaart van der Walt**. Hulle kon di mag egter ni weerstaan ni van di Kaffers, en van der Walt word dood geskiet.

VEERTIENDE HOOFSTUK.

WEER 'N TYDJI ONDER DI HOLLANDERS.

*Vrede van Amiens.—Janssens en De Mist.—Verbeteringe.—Nuwe Verdeling.
—Tulbagh en Uitenhage.—Kerkorde.—Têboeridery.*

By di “Vrede van Amiens” word di Koloni terug gegê an di Hollanders op di 27ste Maart, 1802. **Janssens** word benoem tot Gouverneur, en **De Mist** tot Commissaris-Generaal om di Koloni van di Engelse o’er te neem, Di Koloni sal nou ni meer an di Maatskappy, maar an di Hollanse Regering behoer. Dadelik word in Holland skepe, soldate, ambtenare, ens. klaar gemaak, en in Juli vertrek hulle na di Kaap. Di reis was teenspoedig, en eers op di 23ste Desember kom hulle in di Tafelbaai an.

’n Engelsman is altyd gou om te neem, mar lanksaam om af te gé. Daarom het dit toen oek geduur tot in Fewerwari 1803 voor di Engelse vlag plaas gemaak het ver di Hollanse. In April gaan Janssens al op reis om di buitelandstrikte te leer ken. Veral in di distrik van Graaff-Reinet was dit mar sleg gesteld, soos di Engelse dit gelaat het. Hy het dadelik di Hottentots onder di wapens gebreng; mar ni teen di Boere, soos di Engelse gedaan het ni. Né, hulle moes di Boere help om di Kaffers weer terug te drywe o’er di grense. ’n Knappe Landdros, **Stockenstroom**, het hy ver Graaff-Reinet angestel. Van toen af het di distrik opgang gemaak. Met di Kafferking Gaika, het hy oek vrede gesluit.

Terwyl Janssens nog besig was om daar alles weer in orde te bring, kry hy di tyding, dat di oorlog tussen England en Holland alweer uitgebreek het. Hy moes toen dadelik terug, en kom op di eerste Augus, weer an di Kaap. Hy het alles gedaan wat in syn vermo’e was om di Kaap te versterk. Mar hy had grote moeilikhede, soos siikte onder syn soldate, waaran honderde sterf; spring van di kruidmagasyn by Swellendam; slegte oeste 3 jare agtereen, ens. Dit alles het gemaak dat hij ni in staat was om di Koloni te verdedig teen ’n veul sterker Engelse mag, soos ons in ’n vollen’de deel van ons geskiedenis sal sien.

De Mist het oek party goeje dinge ingevoer so lank as hy hiir was. ’n Nuwe verdeling van di Koloni het hy gemaak. Di uitgestrektheid en di toeneming van di bevolking het dit noodsakelik gemaak. Di noordelike en oostelike deel van Stellenbos maak ’n nuwe distrik. Roodezand, toen na di Gouverneur **TULBAGH** genoem. Di landstreek van di Zwartkopsrivier en Algoabaai met Achterbruintjies-hoogte, tot an di Grote Visrivier of di Kaffergrêns, word di distrik **UYTENHAGE**, ’n familinaam van De Mist. Di anstelling van Veldkornette en kommandante in di ses distrikte was oek ’n nuttige inrigting wat hy ingevoer het. Di Landdroste het hy reg gegê om huwelike te kan bevestig, so dat al di vër mense ni nodig het om na Kaap-toe te gaan ni. Dit was oek ’n groot gemak. Dan het hy oek ’n “Kerkorde voor de Bataafsche volkplanting aan de Kaap de Goede Hoop” vasgestel; daarin word, onder andere, bepaal dat di predikante van di verskillende gemeentes om di jaar moet samekom om di belange van di kerk te behartig.

'n Ander onderneming van di tyd was om hiir té te plant. Lauts sê daarvan (bl. 164): "Van een anderen aard was de onderneming van VAN SCHOORN aan den Wijnberg. Deze, vroeger voor de Oost Indische Maatschappij by den theehandel in China geplaatst, had van daar twee theeboompjes medegebragt, die door de zaadpitten tot ruim veertig boompjes waren aangegroeid. Eene goede theesoort, van die theeheesters (boompiis) gewonnen, werd in 1805 in Nederland aangebragt en deed de hoop geboren worden, dat te eeniger tyd in de Kaapkolonie de theeboom in het groot zou kunnen geteeld worden, en eene ruime bron van verdiensten voor de kolonisten opleveren." Di jaar daarop moes di hoop verydel worde; want di Koloni kom weer onder di Engelse. Hulle sal wel oppas dat ons ni self koffy en té en sulke goed wen ni, omdat dit skade ver hulle is in di handel. Mar ons sal dit laat staan ver 'n ander deel; en hiir eindig ons GESKIDENIS VAN DI KAAP ONDER DI HOLLANDERS.